

ESTER.

Die pad van Christus word oopgebreek. Hoofstuk 1

'n Verklaarder van hierdie klein Bybelboekie het as allereerste sin : 'Die boek Ester is 'n baie moeilike boek.' Hierdie opmerking van die-deur my hooggeagte en bewonderde- evangelis N. Baas staan in skerp kontras met die algemene mening en so ook met enige ander verklaarder van die boek Ester wat dit wel 'n oordrewe uitspraak sal vind. Self voel ek my die meeste tuis by daardie kras uitspraak. Dit onderskryf tog die erns waarmee die boek bejeën word, die erns om werklik die bedoeling van die Heilige Gees te verstaan. In die opskrif bokant hierdie hoofstuk sien u al dat ek die boek 'Christologies' lees met ander woorde dat ons hierin sien hoe God ook hierdie gebeurtenisse skep en lei om te sorg dat ons Here Jesus op hierdie aarde kan kom.

Dit beteken egter nie dat ek nou in die 'verlosser' Mordegai 'n voorbeeld of 'tipe' van Christus sien – hy was dan juis 'n ongehoorsame en eintlik 'onkerklike' wat geen verlange gehad het na die 'heilige land' en die tempel as huis van God nie. Hy het ook nie verlang na die 'vleispotte van Egipte' nie want die vleispotte in die Persiese hoofstad was liplekker goed. Al die verklaarders stem saam dat dit in Ester oor die mag van God gaan wat Sy volk uit afgryslieke lewensgevaar red. Die meeste wys dan ook nog op die anti-Semitisme wat daar so duidelik te sien was en trek lyne deur na ons tyd maar dit is nie vergelykbaar nie. Die geskiedenis waaroor die boek Ester handel was oor die lewensgevaar van ALLE Jode, dus ook daardie Jode wat onder Esra en Nehemia in Jerusalem en Juda gewoon het – as Haman sy sin gekry het sou die Satan sy sin gekry het – dan sou die

slangesaad die Vrouesaad vernietig (vgl Gen 3:15)- dan sou die pad van Christus vir die volkome verlossing van die saad van Abraham en die hele heerlike skepping opgebreek, vernietig wees. Die anti-Semitisme in al die eeue na Golgota en wat nog so onlangs so skrikwekkend uitgevoer is deur Stalin en Hitler se bloeddorstige barbare het baie ander motiewe. Israel se roeping as volk van God het sy vervulling op Golgota gekry – daarna is dit netsoos enige ander volk.

Die werklike hooffigure is dan ook nie Ester en Mordegai of wie van die hoofrolspelers ook al nie, die HERE is die Hoofpersoon en dan is dit seker ironies dat die skrywer nie eers een keer die Naam van die HERE noem nie en selfs nie eers spesifiek daarop wys dat in geloof ‘n gebed na die Koning van hemel en aarde opgestuur is nie, Hy is nie eers in die grootste nood aangeroep nie. Eintlik is dit wel gepas om van menslike hoofrolspelers te praat want die boek asem nogal die atmosfeer van Hollywood uit. Behalwe dat die naam van Ester in Persies ‘ster’ kan beteken is die hele atmosfeer van die ‘ster’-belaaide Hollywood te sien en te ruik in die paleis van die goddelose koning Ahasveros wat ons uit die gewone geskiedenis as Serkses 1 ken. Hy word ook in buite-Bybelse geskiedenisboeke beskryf as ‘n wrede pronksugtige diktator wat meer met eet en drink en vrouens besig was as om te regeer. Interessant dat baie verklaarders daarop wys dat antieke skrywers verstom was oor die vraatsug en onbeheerste gesuip van die Perse en dan sê dat die Perse blykbaar ‘n groter drinkvermoë gehad het as mense in die laaste eeu!! Ongelukkig klink dit ‘n bietjie al te veel na ‘studeerkamer’wysheid wat nie met die harde (eintlik vloeibare) werklikheid ooreenstem nie.

Ester is inderdaad ‘n ‘baie moeilike’ boek want ons gedagtes dwaal so maklik af van die hoofgedagtes in hierdie deel uit die HEILSGeskiedenis, die OPENBARINGSGeskiedenis met die felle stryd tussen die slangesaad en die Vrouesaad en dan word so maklik allerlei ‘boodskappies’ en

‘sinnebeelde’ raakgesien, morele ou lessies. Natuurlik is dit reg om raak te sien watter onheil ontstaan deur dronkenskap soos by Ahasveros of deur hebsug en pronksug soos by Haman MAAR dit is bysake.

Die hoofsaak is dat ons verkondig word dat ons God in Sy voorsienigheid alles reël en lei na Betlehem, dat HY Sy volk lei en bewaar ook op die aller onverwagte maniere – Hy is die God van wonders.

Ahasveros word ons geteken as koning oor ‘n geweldige wêreldryk, die grootste ooit, selfs met nog sewe provinsies meer as sy voorganger. In die volgende verse word baie kleurryk uitgespel hoe, behalwe sy mag, sy rykdom en oëverblindende heerlikheid tentoongestel is. ‘n Fees wat ‘n half jaar lank duur is vir ons so onvoorstelbaar dat ons dit lees en verder lees want hoe kan ek vir my daarvan ‘n voorstelling maak? Verskillende verklaarders sê dan ook dat dit ‘n simboliese getal is – hulle kan hulle dus ook nie indink hoe dit sou wees nie. Maar die koning het nou al drie jaar daarvoor gebroei om ‘n wonderlike veldtog teen Griekeland te voer en watter roem en heerlikheid sou daardie oorwinnig vir hom gee.... Maar daarvoor is die ondersteuning van al die militêre magtiges en al die vorste en hoë amptenare van al die provinsies nodig. Die oorlog teen die Grieke moes deeglik beplan word, al die geweldige logistieke sake, die vervoer, verblyf, proviand vir mens en dier, wapentuig en ook die vervoer van die goue rusbanke waarvan ons in vs 6 lees en dan die strategieë – dit alles moes gebeur en om besware en teëstand te laat verdwyn is daar niks beters as om fees te vier dag na dag en nag na nag, dit is soveel mooier om alles deur wyndampe te bekyk. Die antieke geskiedenis-krywer wat in daardie tyd geleef het, Herodotus, skryf dat die beplanning vir die veldtog teen Griekeland toe plaasgevind het. Ahasveros het besef dat hy nie eers in die skaduwee van sy voorgangers kon staan en daarom die grootse plan vir die verowering van Griekeland. Sy uitstekende goed-geoliede Departement van Kommunikasie=Propaganda=Breinspoeling het die ‘elite’ van alle volke

onthaal en sodra hulle ge-olie was, deel van die oorlogsmasjien gemaak. Nie dat dit so maklik was nie – generaals sterf ook liever in hulle warm beddens. Maar die 180dae se fees en drink lewer sy dividende en die oorlogsplanne word aanvaar. Maar ‘n leër kan nie net uit generaals bestaan nie. Die gewone man moet die ‘kanonvleis’ wees. Ook in daardie tyd het die liefde van die man deur sy maag gegaan en die belofte om jou te verlustig in die mooi Griekse meisiegodinnetjies het nog aanlokliker geklink as die koninklike wyn die kop verwarm het. Sewe dae lank kon die inwoners van Susan soveel van die koninklike wyn drink soos hulle wou. Geen beter bondgenoot vir koning Ahasveros as Koning Alkohol nie. Maar die kopseer na die sewe dae dronkemansfees vir al die inwoners was werklik niks in vergelyking met die onuitspreeklike seer en ellende op die slagveld nie. Die veldtog was ‘n absolute mislukking. Het die wyn by die feeste in strome gevloei, die bloed het in groter strome gevloei en sy Majesteit het ook nog in wreedaardige genot meer laat vloei. Sy wreedheid is gewys toe die houtbrug oor die Hellespont wat Klein Asië met Europa verbind deur ‘n storm verwoes is – al die bouers daarvan is van hulle koppe verlos. ‘n Ander voorbeeld van sy bloeddorstigheid is sy optrede teen die skatryk Lidiër, Pitos, wat ‘n geweldige bedrag aanbied om te help met die koste van die oorlog. Hy het daarby gevra dat van sy vier seuns wat in die leër gedien het, die oudste kon agterbly om hom in sy ouderdom te ondersteun. Koning Ahasveros het so kwaad geword oor die versoek dat hy daardie oudste seun sommer in vier stukke laat kap het as antwoord... Daarom is dit selfs in die lig van die gewone geskiedenis niks snaaks dat hy sonder meer Haman toestemming gee om maar net van al die Jode ontslae te raak.. of dat selfs ‘n koningin doodgemaak kan word as sy sonder sy toestemming na die koning toe kom...

Die Griekse veldtog was niks minder as ‘n ramp nie. Herodotus skryf dat die Grieke ook die goue rusbanke buitgemaak het. Die koning het blykbaar

wel in die krag van ‘positiewe denke’ geglo as selfs die goue rusbanke saamgeneem is na die slagveld. Die geweldige prag en praal het niks gebaat nie. Maar dit is tog juis die prag en praal wat ons so met jaloesie na die wêreld en sy magtiges en lekker dinge laat loer. En dan is dit dieselfde met die skynbare krag en mag en blinkheid en besittings van die wêreld. Kyk na die stadions wat gebou word, na die tempels vir plesier en vergelyk dit met kerkgeboutjies. Maar hoe dankbaar mag ons wees as daar ‘n geboutjie is waarin die bruid van Christus mag saamkom. In die tyd van die reformatie is gepraat van ‘hagekerke’ – die ‘haag’ was die struik wat langs paaie gegroei het, daartussen en daaragter is eredienste gehou, Woorddienste tot eer van God. Selfs die tempel van Salomo het maar baie swak afgesteek teenoor heidense tempels. Dit het die HERE Here behaag om Sy heiliges dwarsdeur die eeue in die algemeen eerder net die nodige as oorvloed te gee. Ons bid tog ook saam met Agur dat die Here ‘my nie armoede of rykdom gee nie, maar laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: ‘Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie’. Spr 30:8 Hoe moes ek in saaltjies die Woord verkondig nadat die vorige aand se leë drankbottels eers uitgegooi moes word of in ‘n stat tussen mense wat hulle roes lê en uitslaap in beide gevalle was die drankstank oorweldigend maar dit kon nie verhinder dat die Woord van die lewende God verkondig is nie. Per slot van rekening het die Here Wie alleen –sonder een dissipel- en van alle waardigheid gestroop aan die vloekhout gehang het ons geleer dat waar twee in Sy Naam vergader is, Hy aanwesig is. Dit is vandag nog so dat wanneer net twee in Sy Naam in die massiewe groot leë katedrale is, dan IS Hy daar en dieselfde in ‘n tronksel op ons geplaagde vasteland.

Op die laaste dag van die feestyd, die honderd-sewe-en-tagtigste dag, was koning Ahasveros ‘baie vrolik van die wyn’ of soos kostelik vertaal deur

die roomse kommentator N. Poulssen, ‘die koning, salig van die wyn’ het sewe eunugs wat ‘voor koning Ahasveros gedien het’ bevel gegee om koningin Vasti te roep. Sy het in ‘n ander deel van die koninklike paleis die vrouens van die ryk en stad feestelik onthaal. Die dronk koning wil nou vir sy ewe dronk elite en militêre magtiges wys hoe mooi sy vrou is en daarmee spog. Koningin Vasti moet nou haar skoonheid ten toon stel en sommer ook haar ondergeskikte posisie want sy moet in haar koninklike ampsdrag op die modeloopplank rondparadeer, koningin ‘by die grasia van Ahasveros’. Nou weet ons vandag baie sterker as vroeër weens die aandag wat Moslems gekry het, dat die oosterse vrouens baie stemmig geklee was en in die openbaar net swaar gesluiser mag verskyn, net haar man mag haar gesig in sy eie huis sien. Natuurlik is dit uiters oordrewe. Maar ons tyd se toelating van smaaklose slordige en dikwels uitdagende kleredrag is netsomin iets om oor te jubel.

Die Bybel is oor baie gewone alledaagse dinge ook nie swewend nie maar prakties en konkreet. In 1 Tim 2:9 lees ons ‘van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees.’ Ongelukkig het ons meesal geen Bybel nie, maar ‘uitgekiesde Skrifgedeeltes’. Deur ons uitgekies en dan só, dat hulle ons, volgens ons mening, nie raak nie. Dit is die VEILIGE Skrif van die mens pleks van die HEILIGE Skrif van God... (Baas).

Koningin Vasti was nie bereid om deur die dronk trop ‘hoogwaardigheids’beksleërs as skoukoei bewonder te word nie en weier die tiran se bevel. Dit moes beslis moed gekos het want juis sy het haar man se wispelturigheid en wreedheid geken. Vir die koning was dit ‘n geweldige klap in sy dronkemansgesig en boonop ‘n baie slegte voorteken vir die veldtog teen Griekeland, op eie bodem ly hy ‘n openbare neerlaag en dit nogal deur sy eie vrou. Die koning se sterk punt is die van ‘delegering’. Ander moet maar die dinkwerk doen en daarby die risikos van besluite

neem dra. Hy maak van ‘n persoonlike kwessie nou sommer ‘n staatssaak, eintlik iets soos hoogverraad. Die so goed betaalde breine van die ‘kenners van die wet en die reg’ moes ingespan word – vandag sou dit die amptenary plus ‘konsultante’ kan wees plus nog ‘n swetterjoel ‘B.E.E’ groepe want nog altyd word die mag van die ‘koning’ blykbaar ook gemeet aan die hoeveelheid ‘raadgewers’ vgl Spr 24:6 Hierdie uitgelese groep van sewe manne – sewe was ‘n baie gebruikte aantal by die Perse – is manne wat ‘die aangesig van die koning GESIEN het’ in teenstelling met die sewe eunugs wat ‘voor koning Ahasveros GEDIEN het’. Kenners van die wette en gebruike maar ook van die verborge dieptes van die koninklike hart en goed slinks uitgeslape – nogal logies want anders sou hulle dit nie by die koning uitgehou het nie. Die woordvoerder van die raadgewers en kenners is Memukan wat beter weet as om sy opdrag letterlik uit te voer. Hy moes uitsluitel gee oor wat die wet voorskryf oor die ‘geval en saak Vasti’ maar speel baie veilig deur op die gevoel van sy majesteit in te gaan en tegelykertyd te sorg dat hy en sy kollega’s veilig is indien en wanneer die koning van gevoel verander. Die koningin moet afgesit word en daardie besluit moet as wet van Mede en Perse bekragtig word sodat dit onherroeplik is en sy nie later weer as koningin aangestel kan word en die raadgewers se koppe kan waai nie. As ‘n mens in sy majesteit se diens is dan moes jy wel ‘n goeie hoeveelheid breinselle hê en die kuns is om hulle só te gebruik dat hulle nie van die res van jou liggaam losgemaak word nie. Ons lees van dieselfde soort onherroeplike wette van die Meders en Perse by Daniël toe koning Darius daarmee ingeloop is en nou gebeur dieselfde met Ahasveros. Dat die kenners van die wet geen uitgedroogde pennelekkers was nie bewys die slot van hulle raad. Hulle ken hulle heerser se hartstogtelike liefde vir die vroulike skoonhede en ook die besondere kwaliteite van koningin Vasti. Die veiligste oplossing vir die gevaarlike toekoms is dus dat iemand gesoek moet word wat minstens Vasti se skoene

kan volstaan. Daar moet dus ‘n grootskaalse soektog in die ryk gehou word om so’n uitsonderlike vrou te vind. Die Here bestier dit so wonderlik dat dit Ester is wat sommerso daar in die hoofstad self gewoon het.

Die uitgeslape raadgewers kom natuurlik nie maar net met ‘n voorstel na die besope en dus onpeilbare grootbaas toe nie maar klee dit heel aanloklik in met die nodige heuningsmeerdery en geflikflooï om sy majesteit se grootheidswaansin te paai. Ondertussen moes hulle waarskynlik hulleself knyp om seker te wees dat hulle nie droom nie want nou kon hulle ontslae raak van ‘n koningin wat ‘n sterk persoonlikheid besit en vir hulle altyd ‘n bedreiging was.

Die gladde bek van Memukan maak van ‘n huweliksprobleempie sommer ‘n rewolusionêre aanslag op die staatsveiligheid wat tot in die uithoeke van die wêreldryk skokgolwe kan veroorsaak wanneer die feministe die gevestigde orde op sy kop plaas en die mans ‘in die bed sit’. Sy majesteit die koning moet nou as wêreldwye redder van die manlike geslag optree sodat al die ryk se vrouens aan hulle mans eer sal bewys. Hoe wonderlik heerlik is die toekomsverwagting want in antwoord op die koninklike bevel ‘sal elke vrou haar man, belangrik en onbelangrik, met eerbied behandel’ vs 20 Hoe hemels en harmonieus word alles wanneer met drankbenewelde oë rondgekyk word. Die ‘goddelike’ grootheid van die koning word nog weer bevestig met die beskrywing dat die bevel gestuur moet word na al die provinsies, al die volke en in al die tale want die middelpunt daarvan is sy koninklike hoogheid Ahasveros en sy paleis en stad.

Soos gewoonlik is daar wel ‘n groot verskil tussen wat voorgestel en besluit is en dit wat werklik gebeur. Van al die groot woorde vind ons in die werklike besluit wat uitgestuur is maar ‘n mak uitvloeisel wat net sê dat elke man in sy eie huis baas moet wees en dat die man se taal die huistaal moet wees. Wat die taal betref het dit in die groot wêreldryk maklik gebeur dat verskillende tale gepraat is – soos vandag. Die taal moet nou terwille

van die man se gesag en as saambindende faktor gebruik word vgl Neh 13:23 e.v. oor taalprobleme in ‘gemengde’ huwelikke.

ESTER WORD KONINGIN _____ Ester 2

Selfs ‘n koning wat alles het wat ‘oop en toe kan gaan’ kan eensaam voel en netsoos die ‘wyses’ gedink het, verlang die magtigste man terug na sy ‘eks’. Daar is wetlik egter geen manier om dit te laat gebeur nie. Die jongmans wat as lyfbediendes die koning versorg kry die heerser jammer en kom op ‘n informele manier met ‘n goed uitgewerkte plan waarvolgens al die mooi meisies in die koninkryk versamel word in die paleis. Nadat hulle die nodige skoonheidsbehandeling ondergaan het kan die koning dan een uitkies wat Vasti se plek kan inneem. ‘n Aangename vooruitsig vir die koning wat hiermee ook breek met die tradisie dat die koning sy hoofvrou uit die sewe Persiese adellike geslagte moet kies.

Nou was daar in die koning- en vestingstad ‘n Jood Mordegai wat destyds nog met koning Jojagin as banneling uit Jerusalem weggevoer was. Hy was uit die stam Benjamin en familie van die eerste koning Saul, dus ‘n aansienlike en dit word ook bevestig deur sy posisie in Susan. Dit weêrlê dus die sprokie wat Ester juis vergelyk met sprokiesfigure soos Aspoestertjie of die Persiese Sheresade. Daar is geen sprake van dat sy van flenters na hoogmodeklere gevorder het nie. Haar voog en oom Mordegai het lankal (goue) eiers vir sy geld gekies. Of hy ooit saam met sy medeballinge sy siter in die treurwilgers van die riviere van Babilon opgehang het en treurend verlang het na die Godsstad Jerusalem is minstens sterk te betwyfel. Onder sy swart hare het ‘n verstand geskuil so skerp soos ‘n skeermes en sy krom neus was ingestel op elke sweempie van die reuk van geld en mag en ambisie. Ons kry die indruk dat godsdienst hoogstens bysaak was en dan ook nog absoluut beperk tot persoonlike

gebruik in jou eie huis. Soos sy volksgenote wat nie daaroor gedroom het om gehoor te gee aan koning Kores se toestemming om terug te gaan na die deur Godgegewe Beloofde Land was hy ‘n toonbeeld van ‘aanpasbaarheid’, ‘n professionele beoefenaar van die ‘kuns’ om ‘polities korrek’ te wees en natuurlik was dit alles mooi bedek met ‘n sousie van vroomklinkende klanke. Asof dit vir ons vandag totaal onbekend sou wees. In teenstelling tot die moderne sug na politieke ‘korrektheid’ het hy die ‘geluk’ gehad dat hy nie weens sy velkleur of uiterlik uitgevang kon word nie en ook nie weens sy naam want hy het ‘n Persiese naam wat nogal afgelei is van die Babiloniese hoofgod Mardoek. Die gevolg was dat niemand geweet het dat dié Mordegai wat so tuis was in die poort van die koning se paleis (o.a.2:21) ‘n Jood van alle dinge was. Ons sien later dat hy goed geweet het dat dit ‘n feit in die geskiedenis is dat Jode altyd die gevaar loop om vervolgt te word en dat hy dit blykbaar so as ‘n lewenswerklikheid aanvaar het. Snaaks genoeg is die optrede van Jode dikwels so dat dit glad nie ooreenstem met riglyne wat in ‘n boek oor ‘hoe om vriende te maak en te behou’ gegee sal word nie – my eie ondervinding toe ek jarelank in en vir ‘n Jodebesigheid gewerk het, het ek by baie ander ook gehoor. My vader het in die Tweede Wêreldoorlog onder andere baie Jode uit die kloue van die Nazi’s gehou deur hulle tussen ‘veilige’ huise te vervoer en staaltjies oor hulle bepaalde gewoontes en anderste optrede vertel – hy het my geleer dat elke volk sy eie aard en dus gewoontes het en dit het werklik niks met ‘apartheid’ of die belaglike etiket van ‘rassisme’ te doen nie maar is vir ‘n normale mens ‘n duidelike maar eenvoudig bestaande gegewe.(Uiteraard is Joodse humor ook iets baie spesifieks wat deur ander nie maklik verstaan word nie – daarom is daar verskillende boeke wat oor die betrokke humor geskryf is. Inderdaad is humor sterk gebind en gewortel in ‘n bepaalde kultuur – wat vir ‘n Amerikaner humoristies mag wees is vir ‘n ander moontlik banaal.)

Ondanks alles het Ester se ouers haar tog nog ‘n Hebreuse naam gegee, Hadassa = Mirte, ‘n takkie van daardie immergroenstruik moes met die Loofhuttefees in die feeshut se blare en takke opgeneem word Neh 8:16 ; vgl ook Jes 41:19 en 55:13; Sag 1:8. Mordegai het hierdie tradisievolle naam dus wel in die huis bly gebruik – darem ‘n ligpuntjie in die donker heidense omgewing. Hadassa se naam word egter vir die buitewêreld verander in Ester wat Ster beteken om so dus tog maar in die klimaatsfeer van ‘n outydse Holly- of Bollywood te raak. En Ester het haar ster-status en aanvoeling goed gebruik soos ons later sien. Sy was bepaald nie ‘n stilbeskeie dom-onnosel ou niggietjie met vlegsels wat onder ‘n kappie weggesteek was en wie se mooi beentjies deur ‘n sedige swart kleed bedek was nie. Vir ambisie en skerpheid het sy nie vir haar oompie ondergedoen nie en boonop was sy verruklik mooi. Iets wat die kennersoog van die eunug Hegai nie ontgaan het nie. Hy was die koning se toesighouer oor al die mooi meisies wat vir ‘n jaar lank in die ‘voerkrake’ die nodige dieet en skoonheidsbehandeling gekry het. Die opleiding met die oog op uiterlike skoonheid neem een jaar terwyl by Daniël en sy broeders die intellektuele opleiding drie jaar geneem het.

Ester was nie net uiterlik mooi nie maar het ook ‘n mooi karakter gehad wat die hart van die hoofeunug geraak het, Hegai het hom oor haar ontferm en sommer sewe van die beste kamerpersoneel en die beste deel van die vrouekwartier aan haar toegewys. Hier is weer die ou spreekwoord van toepassing: ‘die mens wik maar God beskik’ – Mordegai en Ester, die magtige wêreldheerser en die hoof van die vrouebewakers het almal hulle eie ‘agenda’ en span selfs die onheiligste maniere in om dit te bereik maar is en bly soos sagte vormbare boetseerklei in die Hand van die Here. God gebruik elkeen en alles om die pad vir die koms van Christus reg te maak, Hy bewaar die ontroue verbondskind in die heidense vors se harem. Daar is bereken dat in die driejaar se skoonheidskompetisies ‘n goeie 1095 =

eenduisend en vyf-en-negentig !! meisies Ester voorgegaan het na die bed van die koning!!! (en daardie sappige besonderheid moes ek nou juis lees by die monnik (!!) Poulssen)...Die gewoonte was dat 'n meisie op uitnodiging die nag by die koning kon deurbring en enige iets soos byvoorbeeld juwele uit die voorraadkamers kon vra om die aand saam te neem. Na die nag by die koning het die meisie nie teruggegaan na haar blyplek in die vrouekwartiere nie maar na 'n tweede stel vrouekwartiere gegaan waar sy die res van haar lewe gebly het en maar moes wonder of die koning haar ooit weer sou laat roep. Mens wonder hoe die toestand is by die dertien of so vrouens van die koning van Swaziland of die vrouens (en byvrouens en 'one-nigth-stands') van mnr. Jacob Zuma wat op die oomblik die president van die ANC is....

Ester moes dus na die jaar se liggaamsvoorbereiding geduldig wag om geroep te word. Sy was slim of moet ons sê uitgeslape genoeg om haar heeltemal te laat lei deur die eunug Hegai oor hoe om aan te trek vir die 'groot aand', hy het mos geweet wat in die smaak van die vrouensjagter sal val. Presies wat Hegai aanbeveel het het sy aangetrek en so met haar onderbeklemtoning 'n baie goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het en so ook op die koning.

Vir oom Mordegai en sy niggie Ester is die lewensuitkyk : die doel heilig die middels. Alles kan gaan solank jy net jou doel bereik, buig of bars, jou doel moet jy bereik. As dit dan beteken dat Ester die nag moet deurbring by die super-owerspelige-seksmaal koning dan is dit maar daarnatoe. 'n 'Kind van haar tyd' maar geen 'kind van God' nie. Dit was ook al duidelik te sien in die opdrag wat oompie gegee het dat sy in geen geval iemand kon laat weet wat haar 'volksverband en afkoms' was nie. Dit het dus ook ingehou dat sy haar nie in die allerminste aan die voedselwette van die HERE Here gehou het nie. Tot vandag toe in die verstrooiing eet die Jode wat nog iets van hulle Joodse geloof behou het net 'Kosher'voedsel. Selfs Jode wat dit

nie ernstig met hulle geloof neem nie sal tydens hulle godsdienstige feesdae sorg dat hulle geen verbode kos eet nie. Maar Ester het in geen enkele opsig die HERE gehoorsaam wat die voedselwette betref nie.

‘n Predikant wat alleen in ‘n gemeente staan raak vanselfsprekend gewoon aan die liturgie wat hy in die erediens handhaaf, dit is Sondag na Sondag gewoonlik dieselfde. Hy dink dat dit in sy kerkverband orals so is. Goed, by ander kerklike adresse is dit anders. In ‘n tyd waarin so baie verander word terwille van verandering en modernisering of wat ook al word ook die kerklike liturgie so maklik verander, vermaer, losbandig. So was dit vir my skokkend om verskillende kere te hoor dat gelowiges al jare lank nie meer die Tien Gebooie in die erediens hoor afkondig het nie. Maar hierdie woorde van God bly hulle krag behou, dit is ‘n skild wat God bokant die lewe hou. Is dit ‘n wonder dat die lewe al hoe meer varkagtig word as van God se gebooie niks meer geweet word nie?

Ester se plan het geslaag en die koning het op haar verlief geraak en haar as sy koningin gekroon en, in iets wat blykbaar as ‘n soort huweliksseremonie en –onthaal gesien is, op koninklike wyse haar geëer.

GOD GEBRUIK DIE SKAAKBORDSTUKKE 2: 19 – 3 :15

Teen wil en dank dwing sowel Mordegai en Ester ons ‘n bietjie of baie respek af. Dit wil tog maar gedoen wees om in ‘n uitgesproke heidense omgewing en as inkommer emigrante jou in derglike hoë posisies in te wurm. My indruk van Mordegai is die van ‘n oorambisieuse man met slinkslinkse onrustige ogies wat alles raaksien en bakoortjies wat alles hoor en ‘n groot skerp neus soos ‘n roofvoël wat alles ruik en kan uitmekaarskeur – hy sal oor lyke gaan as hy dink dat dit sal betaal en vir hom nodig is – ondertussen het hy die geduld van ‘n poker- en skaakspeler (ek dink nie dat dit gepas sal wees om hier van Job se geduld te praat nie). Ester kom daar

‘n bietjie beter van af maar sy help tog maar baie gehoorsaam haar oom om sy ambisies te kan bereik. Nie een van die twee het erg aan gehoorsaming van die geopenbaarde wil van God in Sy wette en Woord. Hulle handhaaf darem nog so’n ietsie van die tradisies van die volk waarin die Here hulle geplaas het en het ‘n sterk lewendige nasionalistiese gevoel. Een van die redes waarom die lewenshouding en lewensuitkyk van Mordegai en Ester so skerp uitgespel word is om ons te laat wakkerskrik oor ons eie houding. Hoe het die tydsgees ons ook al in sy kloue gekry en is wêreldgesindheid ook ‘n groot faktor in ons daaglikse lewe.

Nou is dit nogal opvallend dat die Here God dikwels juis mense uitkies wat bepaald nie ‘n gunstige of simpatieke indruk gee nie. Dink maar aan Jakob wat ‘n agterbakse vent was en sy eie pa in sy ouderdom verneuk. Maar God kies mense uit vir Sy werk en doel. Sondige mense soos u en ek wat ook maar dikwels g’n flou benul het van God se leiding en bedoeling van daardie leiding in ons lewe nie en dan nog minder as dit lyding meebring nie.

Mordegai het elke liewe dag in die voorhof van die vrouekwartier heen-en-weer geloop toe Ester nog daarin gewoon het, om tog maar te weet hoe dit met haar gaan 1:11. Maar nou sy koningin geword het het hy sy tyd in die paleispoort deurgebring. Daar hoor hy toe die planne van samesweerders om die koning te vermoor. Dit was in die tyd na die rampsalige veldtog teen die Grieke wat in ‘n vernederende neerlaag en skrikwekkende bloedbad geëindig het. Koning Ahasveros was nie baie gewild nie. Mordegai hoor daaroor praat en hy vertel dit vir koningin Ester wat dit op haar beurt vir die koning vertel. Interessant dat ons nie hier lees of sy dan ‘n oudiensie by die koning versoek het met die noodwendige lewensgevaar daarby. In elk geval het sy die koning laat weet dat sy die inligting by Mordegai gekry het. In die teenwoordigheid van die koning is dit in die annale opgeteken en daarby het dit gebly – in die annale en tegelyk in die

vergeetboek. Die Here het Ester koningin laat word en nou spaar Hy deur Mordegai se oplettendheid die koning se lewe.

Hoe Mordegai oor die koning gevoel het, weet ons nie maar hy het baie goed geweet dat as die sluipmoordenaars dit regkry om Ahasveros te vermoor dan sit Ester op straat en kom daar van al sy ambisies net niks tereg nie. Die samesweerders word skuldig bevind en tereggestel.

Bietjie later stel die wispelturige koning 'n nuwe eerste minister aan. Haman wat nader beskryf word as die Agagiet. Hierdie benaming 'die Agagiet' is baie belangrik want daarsonder is dit baie moeiliker om alles te verstaan. Haman was as Agagiet 'n afstammeling van die volk Amalek, daardie volk wat deur die Here vervloek was omdat hulle Israel tydens die trek deur die woestyn so lafhartig in die rug aangeval het Eks 17:8-16; Deut 25:17; Num 24:7 ; 1Sam 15 ; 2Sam 1:1-16; 1Kron 4:43. So gaan dit altyd weer in die lewe en besonder in die heilsgeskiedenis : God doen Sy skuif en onmiddellik maak Satan sy duiwelse téeskuif. God verhoog Ester as koningin en Mordegai kry 'n hoë posisie maar die Satan sorg dat Haman eerste minister en die grootste vertroueling van die koning word.

Sy majesteit die koning vaardig 'n bevel uit dat aan sy witbroodjie Haman 'n besondere eerbewys gegee moet word deur elkeen wat in die poort van die koning sit, sodra Haman daar kom moet elkeen op sy knieë op die grond neerval, met sy kop op die grond en sy agterstewe in die lug. Mordegai buig egter nie vir die Agagiet Haman nie. Hoekom nie? Daar was gesê dat hy dit om godsdienstige redes nie doen nie, maar hy doen dit later wel voor die koning en om die koning as 'n god-op-aarde te sien was nog nie so 'n sterk siening soos later by die Grieke en Romeine nie – al wys Herodotus wel op iets daarvan aan die Persiese hof – in elk geval sou die koning geen bevel gegee het dat goddelike eer aan iemand onder homself gegee moet word nie. Ons moet weer terugkom by die afkoms van Haman.

Hy was geen Pers nie – dit was juis weens veiligheidsredes dat dit normale gebruik was om die hoogste amptenare juis uit vreemdelinge aan te stel – hulle was nie so maklik aangesteek deur die onderlinge jaloesie en gekonkel aan die hof nie. En by Haman en Mordegai is dit ook ‘n kwessie van ‘die bloed is dikker as water’ en bloed kruip waar dit nie kan loop nie. Al twee val teen wil en dank terug op hulle volksgeskiedenis. Die onderlinge haat teen mekaar is vlymskerp. Mordegai bewys geen eer aan ‘n vervloekte vyand van sy volk nie. Hy gooi selfs sy uiterste versigtigheid weg deur self te doen wat hy sy niggie uitdruklik verbied het : hy getuig dat hy ‘n Jood is. Menslikerwys gesprek ‘n onbegryplike onnosel fout by die uitgeslape ambisieuse man. Maar God regeer, Hy bewerk alles.

Sy hoogheid Haman sien weens sy hooghartige neus-in-die-lug houding dit nie eers raak dat een ou mannetjie nie die grond voor sy voete soen nie. In elk geval was dit seker moeilik om raak te sien as al die ander hoogwaardigheidsbeksleërs in hulle kleurvolle loshangende gewade en uniforms soos ‘n wriemelende deinende massa grondwaarts afgesak het, dat daar een was wat bly sit het. Nou was dit ook logies dat die amptenary wat in die poort gesit het nie daarvan gehou het om elke keer weer in die stof te moet kruip terwyl die indringer-vreemdeling rustig op sy plek bly sit het. Behalwe dat dit teen die bevel van die koning was, was hulle jaloesie geen geringe faktor nie. Dag na dag het dit gebeur en na ‘n rukkie het die amptenare keer op keer Mordegai daarop gewys dat hy voor Haman moet buig soos die koning beveel het. Mordegai weier. Dan is dit geen wonder dat hierdie vreemdeling se uittartende hardgebaktheid vir Haman gesê word nie en daarby dat hierdie halsstarrige as ‘n rede genoem het dat hy ‘n Jood is.

Hoekom het Mordegai so dom onnosel opgetree en alle eg-Joodse karaktertrekke van uitgeslape diplomatie en gladde-bekagtigheid en glibberigheid gelos? Omdat hy verder gekyk het as wat sy krom neus lank is. Hy het geweet dat Haman ‘n doodsvyand vir die hele Joodse volk was. Anti-

Semitisme is al die eeue deur aanwesig, al is dit soms nie sigbaar nie, dit slaap maar net om later in alle felheid los te bars. Mordegai het dit beseef en geweet dat kort voor lank die Agagiet sy haat sou laat botvier. Mordegai was juis nie dom nie al was hy wel astant. Hy het gedobbel met die lewens van sy niggie en homself maar dit was 'n weloorwoë dobbelspel in die oog van die mens. Daar is geen volk op aarde wat so deur al die eeue vervolgt is soos die Joodse volk nie. Daar is dan selfs 'n naam daarvoor wat oor die hele wêreld geken word: anti-Semitisme. Hoe jammer is dit dat na die Tweede Wêreldoorlog die Jode baie van die misdade wat teen hulle gepleeg is, self toegepas het teen die Palestyne. Honderdduisende is in kampe opgesluit en hulle grond word tot vandag toe net eenvoudig in beslaggeneem netsoos die 'grondhervormings' in ons buurland en wie weet in ons land? Die haat wat weens onregverdigheid in die besette gebiede onder die Palestyne gekweek is, is wel anders as die redes vir haat in die boek Ester. Dit wat daar gebeur moes dien om die pad oop te hou en te maak vir die koms van ons Here Jesus Christus. Daarom kan daar nooit 'n werklike vergelyking tussen daardie gebeure en die krisis in die Midde Ooste gemaak word nie, netso min as wat daar ooit lyne deurgetrek kan word van Ou Testamentiese Bybelfigure na u of my. Ons kan nooit vir 'n kind byvoorbeeld sê dat hy 'n klein Samueltjie of sy 'n Deboratjie moet wees nie. Die HERE het elkeen in daardie tyd binne 'n bepaalde tyd en 'n bepaalde verband in die heilsgeskiedenis geplaas. Ons is nie so'n plek in die heilsgeskiedenis gegee nie, daardie geskiedenis het sy voltooiing, sy voleindiging in die koms van ons Saligmaker Jesus Christus ontvang.

Mordegai kies die tyd vir die uitbreek van die stryd. Natuurlik neem hy 'n geweldige risiko- hy weet nie wat in God se raadsplan verberg is nie- maar hy weet baie goed dat sy kans vir sukses nou beter as ooit is nou sy niggie die lieflingkoningin is en die verwyfde slap koning sy hart nog aan haar verpand het. Hy twyfel nie daaraan dat daar vroeg of laat weer 'n

uitbarsting van anti-Semitisme sal losbreek nie en daarom gebruik hy sy geskiedenis-kennis en aanvoeling van alles wat in die hof gebeur en dwing sy vyand tot die stryd. Natuurlik weet nog hy nog sy vyand dat hulle maar net pionne is op die skaakbord van die Here. Ons weet dit van onself wel, ons weet dat ons God se instrumente is – om dit ‘n bietjie christeliker te stel – maar ongelukkig is daar nogal ‘n ‘hemels’breë verskil tussen wéét en doen, tussen glo en doen. Mordegai was volgens familiebande deel van die volk van God – nie dat ‘n mens of hyself iets daarvan sou agterkom nie en presies dieselfde by Ester wat dan nie eers iemand mag laat weet dat sy weens haar bloedbande lid van die Verbondsvolk is. Oom en niggie is wonderlik tuis in die wêreld en leef hulle harte uit in die wêreld. Maar God gryp in en trek die grense vlymskerp tussen die skape en die bokke, die besnedenes en onbesnedenes, tussen kinders van God en kinders van die wêreld. Vandag roep Hy ons ook nog altyd op om daardie grens te handhaaf. Roep Hy ons op om die breë pad te verlaat en op die smal pad te gaan – o, ja ons huppel minder daarop as op die breë pad, ons val ons knieë so dikwels nerf-af en gaan selfs soms te min op ons knieë om te bid vir krag en wysheid en volharding in die krag van die Heilige Gees van ons Verlosser Jesus Christus, sodat ons anders sal leef as Mordegai en Ester. Van alle kante af word ons aangepor om toe te gee, aan te pas, saam te werk, nie sigbaar anders-as-die-wêreld te wees nie... maar dit is nie ons roeping nie. Ons moet die Drie-enige God maar meer vra, meer bid, vir wysheid om met ‘n warm gelowige hart taktvol en simpatiek en kinderlik-vertrouend-gelowig as kinders van die Vader te leef, te werk en te speel. En van speel hou Haman as deeglike staatsman niks nie. Hy is woedend oor die aanmatigende Jood se optrede maar in die magsspel is een ou mannetjie onbeskryflik onbelangrik. As iets die moeite werd is om te doen is dit die moeite werd om dit werklik goed te doen. Hy speel nie, daarom moet Mordegai en sy hele volk wat dieselfde mislike mentaliteit het van die

aardbodem afgevee word. Maar nou kan jy ook nie met die ‘Noodlot’ speel nie en dus moet met behulp van die lot die regte dag en maand bepaal word waarop die poorte van die onderwêreld wyd genoeg oop is om die vervloekte Jode te kan ontvang. Hoe heerlik sal die kake van die doodsmonster oortyd kan werk.

Die mens wik maar God beskik.

Die bygelowigheid word ingespan om die regte dag te kry maar soos altyd verydel God die raad van die mens (dink maar aan die raad van Agitofel wat verydel is sodat nie Dawid nie maar Absalom die dood vind). Mens sou verwag dat Haman sy gloeiende haat laat brand en sommer gou-gou die bloed wil laat vloei. God gryp egter weer in en gebruik die heidense bygelowigheid en die dobbelary om ‘n datum te bepaal wat eers elf maande later val. Watter Godgegewe lang tyd waarin die Jode hulle kan voorberei. Die Spreukedigter leer ons deur die Heilige Gees :’ mense kan loot maar die Here bepaal hoe dit uitkom’ 16:33

Haman gaan met sy vlymskerp uitgewerkte plan na die koning, in sy pragtige sagte kleurvolle klere kom hy by sy majesteit en met sy tong so sag soos fluweel draai hy die koning om sy pinkie met woorde wat eers die waarheid noem en dit daarna verdraai en dan met leuenagtig-slinkse vleiere met ‘n vinnige steek afsluit. Die tragiek is dat dit wat die heiden sê eintlik ‘n omskrywing van die Goddelike roeping van die Jode voor die koms van Christus is. Weens die sonde van Israel is hulle as oorlogsbuit uit hulle Beloofde Land weggevoer en in die verstrooiing, die diaspora, oor die hele uitgebreide koninkryk versprei. Dit is so, Haman is reg, hy is ook reg dat hulle hulle in afsondering apart moet hou van alle ander volke. Hy weet dat dit hulle roeping is, hulle opdrag. Maar hy weet ook wel dat daar in die verstrooiing nie juis veel van tereg kom nie. Die groot meerderheid van die gelowiges het dan lankal na die ‘heilige land’ en die ‘heilige stad’ terug gekeer. Die wat nog in die verstrooiing bly leef het, was in die algemeen

baie gelukkig in die vreemde en het wonderlik goed aangepas. Hulle was slegs nog in staat om met groot verbasing en verwondering te luister na verhale van die oumense wat met hulle tipiese oumens romantisering van die ‘goeie ou tyd’ en hulle verkrampte godsdiensbelewing tog so onverstandig teen die godsdiensvryheid ingegaan het en minstens ondiploomas was in hulle besigheidsheiligdomme. Wie is nou so simpel om aan die pragtige riviere van Babilon te sit en die liere aan die bome op te hang en te huil en huil oor die verweg stad Jerusalem en oor die vuil ou Jordaanriviertjie? (Interessant dat die Jordaan vandag nie veel meer as ‘n stinkende spruit geword het nie. Palestyne en Jode begin nou egter om saam te werk om iets van die rivier te probeer red. Hulle ondervind dieselfde probleem as in ons land met plakkerswoonplekke wat met rioolvuil en industriële afval alle lewe in die riviere vergiftig. Toeriste is nie lus om na die riviertjie te gaan nie – en so kom dit weer terug na die geld wat weer terug kan kom as die rivier iets is om na te kyk.)

Ondanks dat Haman geweet het dat hy geweldig oordryf is hy in wese reg, weet hy waaroor dit vir die Jode moet gaan. Dat hy nou ingaan teen die Godgegewe ‘apartheid’ wys ook wat dit betref op die feit dat hy die handlanger van die Duiwel-self is. Haman skop teen die Messiaanse roeping van Israel, teen die eiesoortigheid wat van God gegee was. Deur hom wil die satan die pad vir die koms van Christus opbreek.

Soos dit ‘n wêreldse politikus betaam spits hy sy aanval toe op die beveiliging en beskerming van die staat, waarvan hy uiteraard ‘n lid is en dus op daardie beskerming geregtig is. Hy skets die ongenoemde volk wat so sleg is as uiters stáátsgevaarlik. Dit klink baie beter as geestesgevaarlik. Hierdie wonderlike resep is dwarsdeur die eeue gebruik. Ironies genoeg juis deur die Jode in hulle witgloeiende haatveldtog teen Christus. Die verteenwoordiger van die Romeinse staat, Pontius Pilatus, word gedreig dat as hy nie Christus veroordeel nie dan is hy nie meer die vriend van die

keiser nie Joh 19:12. Paulus en Silas word ook as staatsgevaarlike oproerkraaiers geskets deur die eienaars van die slavin met 'n waarsêende gees Hand 16:20,21. Daarna is dit die beskuldigings teen die eerste christene wat bloedig vervolgd is en in die ondergrondse katakombe moes wegkruip. Daarna teen die protestante in die tyd van die hervorming, teen die Hugenoote, teen die broeders en susters in die dae van die Afskeiding waaruit Ds. Dirk Postma gekom het. En in ons tyd waar gelowiges in die Moslemlande en selfs deur die Hindoes in Indië vervolgd en vermoor word. In wese gebeur presies dieselfde minus die bloedige vervolging in die VSA waar die Demokrate so graag skree dat die 'Evangelicals' met hulle 'fundamentalisme' die staat wil beïnvloed en oorneem en dus staatsgevaarlik is.

Deur nie alleen te beklemtoon dat hierdie volk, wat soos 'n kankergewas deur die hele liggaam van die ryk versprei was, hulle eie wette het maar dit waag om die koning se wette nie te gehoorsaam nie, speel Haman slu in op die koning se gevoel. Dit was natuurlik ongehoord en oneerbiedig dat hulle 'n koninklike wet nie gehoorsaam nie maar dit was onder die omstandighede ook 'n dreigende groot gevaar. Die veldtog teen die Grieke was 'n kolossale mislukking en 'n ramp waarvan die grootte en die koste nie eers bereken kon word nie. Die grond was nou baie vrugbaar vir opstande in die uitgebreide ryk, daar was vierjaar gelede al sprake van 'n beplande sluipmoord en wie-weet hoeveel meer daarna? Die koning laat hom sonder meer deur sy premier lei en dit nog meer nou hy merk hoe geweldig goed en betroubaar sy premier is dat hy terwille van sy koning 'n reusagtige bedrag wil skenk en dit vir die toekoms van hom wat Ahasveros is. Die bedrag wat Haman as wortel vir die neus van die pierewaaier koning hou is geweldig. 'n Hele jaar se belasting het volgens Herodotus sewentienduisend talente opgelewer, dus is tienduisend talente wat Haman aanbied 'n geweldige bedrag- onvergelykbaar met 30 silwerlinge!! Of die bedrag uit

Haman se eie skatkamers sou kom of uit die buit wat van al die ryk Joodse handelaars gesteel sou word laat baie verklaarders wonder. Dit is onbelangrik veral ook omdat die koning in rojale grootheid daardie rojale bedrag geweier het.

Natuurlik is daar ‘verklaarders’ wat die hele verhaal van die koue handelstransaksie in twyfel bring. Asof daar in die so geprese en verligte vorige eeu nie genoeg derglike transaksies was met die pogings om die ‘Jodeprobleem op te los’ deur Hitler wat sy eie en buitelanders in die miljoene vergas het en Stalin wat ‘n dertigmiljoen van sy eie mense in Siberië en strafkampe en teregstellings vermoor het. En ‘n paar dekades gelede is ‘n driemiljoen Kambodjane uit ‘n bevolking van sewemiljoen vermoor en wat van Ruanda en Darfur en die DRK en Somalië en Zimbabwe en...en... op ons eie kontinent? In elk geval het koning Mithridates VI van Pontus in 88 v.Chr. dit reggekry om op een enkele dag ‘n tagtig- tot eenhonderd-en-vyftigduisend Romeine te laat doodmaak. Hoe het die aarde na Abel die bloed van mense opgeslurp.

Sonder om selfs die moeite te doen om te vra oor watter volk Haman dit nou eintlik het en wat uitgewis moet word, gee die koning toestemming en gee hy sy koninklike seëlring wat die proklamasie moet waarmerk en dit ‘n onherroepbare wet van die Meders en die Perse maak. Haman word dus amptelik aangestel as vernietiger van ‘n volk wat hy as ongewens beskou. Die Bybelskrywer noem hier spesifiek Haman as die ‘Agagiet, die vyand van die Jode’. En in vers 11 sien ons wat die belangrikste is want die koning praat eers oor die geld wat Haman nie hoef te gee nie en daarna oor die volk waarmee die premier kan maak soos hy lus is. Hier is nie eers sprake van raadpleging van die raadgewers nie, soos in die ‘geval Vasti’, die geld en die volk word met een gebaar weggevee van die tafel want netnou moet daar plek wees vir die drankbottels en drankglase vs 15!

Sonder vertraging deur burokrasie word die bevel opgestel, geseël en oor die lengte en breedte van die wêreldryk deur die beroemde Persiese posdiens se hardlopers verstuur. Die fanatieke haat van Haman klink uit die opdrag ‘om al die Jode te verdelg + dood te maak + uit te roei, die seun sowel as die grysaard, die kindertjies en die vrouens, op een dag’. Die hele volk moet totaal van die aardbodem weggevee word. Die massamoord moet op een dag gebeur en wel op die dertiende van die maand Adar. Blykbaar was die getal 13 al as ‘n ‘ongeluksgetal’ beskou. Geweldig die houvas wat die duiwel het dat so’n bygelowige onsin al die eeue deur oorleef en van krag tot krag gaan terwyl die waarheid onderdruk word. Maar tog kan dit ons nie verbaas nie want die wetteloosheid is ons tog deur die Heilige Skrif voorsê.

Selfs in die vestingstad Susan bring die wet beroering maar sy majesteit en sy premier klink ‘n glasier op die sukses van die verwydering van ‘n weerbarstige volk. Vir hulle twee is dit weer ‘besigheid soos gewoonlik’ – ‘n losbandige gesuip en owerspel. Snaaks dat die mense wat so besig is met verkondiging van die vooruitgang van die mens en sy humaniteit en sovoorts nie raaksien dat dit nog al die eeue dieselfde is. Maar dit sê die ‘ou boek’ ook maar weer – die mens is in sonde ontvang en gebore en geneig om God en sy naaste te haat.... Tensy daar wedergeboorte kom.

Ester en Mordegai se stryd teen Haman 4 : 1 – 6 : 14

Een van die seëninge van die televisie is dat ons soms ‘n bietjie ‘n beter begrip van Bybelse gebeurtenisse kry. Ons lees dat een van die Oosterse of Midde Oosterse rougebruike is om kliphard te weeklaag, te huil en te skreeu by ‘n sterfgeval. Eintlik kan ek as ‘nugter’ Westerling wat my rou en hartseer as ‘n baie persoonlike, ‘n privaatsaak beskou en alles in my vermoë

sal doen om my emosies in toom te hou, my nie werklik indink hoe dit was en is nie. Nou sien ek egter op televisie die roue rou van veral Palestynse en Irakese of Indiese vrouens. Dit is vir my senutergend vreemd maar deel van 'n eeue en eeue oue kultuur. Snaaks hoe 'kultuur' en wat so gedoop word verskil wanneer die lig van die Skrif oor die lewe skyn. In Griekeland en Rome was dit in die algemeen blykbaar geen skande om dronk te wees nie. Moontlik was een van die redes die vrylike gebruik van alkohol om in die tempels in 'n trance te raak. Vandag sien ons egter dat baie jongmense dit as 'n prestasie beskou om 'serieus' dronk te raak. "n Prestasie pleks van 'n skande en 'n gevaar vir ander en jouself. En hierdie begeerlike toestand van ongebondenheid en roekeloosheid en dierlikheid word deur mense van elke kleur en geur en wêrelddeel verlang. 'n Gevolg is dat baie meer as die helfte van almal wat in motorongelukke betrokke is, onder die invloed van drank is. Hoe meer die christelike vernislagie afskilfer of met alkohol afgestroop word, hoe dierliker word die samelewing van bo na onder. Letterlik soos ons sien in die aanklagte van dronkbestuur teen 'mense' wat in die hoogste posisies is. Alkoholgebruik word selfs so graag deel van die 'kultuur' genoem - dit maak dit dan kwansuis reg.

Terwyl ons ons nou deur die TV 'n idee kan vorm van die luidkeelse geweeklaag deur Mordegai kan ons selfs 'n idee van die 'sak' vorm as ons kyk na party van die Rastafariërs in ons eie land wat letterlik in jutesakke geklee gaan. (Met hulle woeste haredrag, 'n staf van 'n groot stok en daardie goingsakkleed lyk hulle nogal onhigiënies maar al wat ek ooit geruik het was 'n ligte daggareuk wat nou eenmaal deel is van hulle ritueel.) Mordegai het in diepe rou gegaan, sy klere geskeur as teken hoe sy hart verskeur is, die sak gedra en as op sy kop gestrooi. Dwarsdeur die uitgestrekte ryk het die Jode by die hoor van die vernietigingsbevel dieselfde rougebruike uitgevoer en ook gevas. Blykbaar was die gebruik

om die rouklere ook aan te hou wanneer hulle gaan slaap het en dan ook in as gaan lê vs3.

Mordegai gaan met sy luidkeelse jammerklagte die hele stad deur om, uitgeslape soos hy is, daarmee hare majesteit koningin Ester ook onder geweldige druk te plaas. Almal weet dat daar 'n familieband tussen die twee is maar slegs enkele mense wat gereëld in die paleispoort gekom het, het geweet dat Mordegai 'n Jood was want dit het hyself as 'verskoning' gegee om nie vir Haman te buig nie. Nou kan die hele stad op hulle vingers uitreken dat koningin Ester dus ook 'n Jodin moes wees.

Die wette van Meders en Perse het verbied dat iemand met rouklere aan die paleispoort mag ingaan. Sy min of meer goddelike hoogheid die koning mag nie met droefheid of hartseer gekonfronteer word nie. Ons lees dieselfde by Nehemia 2:1,2 waar hy baie bang was toe die koning sy hartseer en bedruktheid bemerk het want dit kon hom sy kop kos. Hoe onnatuurlik en kunsmatig was die lewe in die paleis en is dit tot vandag nog dikwels by heersers en hulle handlangers wat lewensvreemd leef. Die koning het in 'n vakuum geleef en het geen begrip van die lewe buitekant gehad nie. Dieselfde en waarskynlik nog baie sterker het dit met die inwoners van die vrouekwartiere gegeld. Hulle het 'n baie geïsoleerde bestaan gevoer. Maar Mordegai se optrede, ek sou amper sê sy manewales, het die tonge aan die roer gehad en so hoor Ester ook daarvan.

Baie ontsteld en geskok oor haar oom se aktivisme stuur sy netjiese klere om in die plek van die rouklere aan te trek. Mordegai weier om dit aan te trek en ten einde raad stuur Ester toe haar vertroueling Hatak om uit te vind waaroor die hele gedoente nou eintlik gaan. Mordegai se slim ogies het niks ontgaan nie en sy gespitse ore het alle paleisnuus opgevang. Hy weet presies wat in die paleis gebeur het en weet selfs watter bedrag Haman vir die koning beloof het. Deur sy 'kontakte' kry hy ook 'n afskrif van die koning se onherroeplike bevel. So kan hy Hatak noukeurig op hoogte bring

oor die ramp wat sy volk gaan tref. Saam met al die nuus kom sy versoek of opdrag dat Ester na die koning moet gaan om vir genade te smeek en vir haar volk moet pleit.

Koningin Ester stuur as antwoord vir haar oom die herinnering dat hy soos enige mens mos weet dat sonder uitsondering enige persoon wat na die koning in die binneste voorhof gaan sonder dat hy of sy ontbied is, doodgemaak word. Die enigste uitsondering is as die koning sy goue septer na daardie persoon uitsteek, dan sal hy of sy bly lewe. Om die risiko te onderstreep laat Ester weet dat sy nou al dertig dae lank nie deur die koning ontbied is nie. ‘n Dooie koningin sal bepaald nie die saak van die Jode bevoordeel nie en Ester doen blykbaar aan die hand dat veiliger metodes ondersoek moet word.

Mordegai wil egter niks weet nie en stuur as antwoord ‘n bedekte dreigement. Sy moet nie dink dat sy in die paleis veilig is nie. As sy nou stilbly en daar van ‘n ander kant af uitkoms kom, dan sal sy in elk geval haar mooi versorgde koppie verloor. ‘Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het’.

Uitsprake van Mordegai soos hierdie en ook van Ester soos in die volgende vers ‘as ek moet omkom, dan moet ek maar omkom’ word deur die meeste verklaarders as geloofsuitsprake opgevat. Ek het ‘n probleem daarmee. In die apokriewe aanhangsels by die boek Ester kry ons ‘n mooi geskilderde prentjie van ‘n gelowige Mordegai kompleet met ‘n vroom gebed. Dit is alles uit menslike duime gesuig. Behalwe dat die Naam van die HERE Here nie eers eenkeer in die boek Ester genoem word nie wys absoluut niks daarop dat Mordegai of Ester ‘belydende’ gelowiges was nie. Al twee was wonderwel tuis in die heidense omgewing en het vol ambisie hulle ‘kanse’ gebruik met verontagsaming van alle bevele onder die wet van God. Ondanks hulleself het God hulle ingespan in Sy koninkrykswerk sodat die pad vir die koms van Christus oopgemaak kon word. Soos die ou gesegde

lui “met ‘n krom stok slaan God reguit hou’. Dit is wat in hierdie Bybelboek duidelik gebeur. God regeer. Hy lei alles op Sy manier en op Sy tyd. Hy lê Satan aan bande.

Ester antwoord toe dat sy haar oom sal gehoorsaam maar hy moet die gemeente in Susan laat saamkom vir ‘n vas van drie dae en nagte en sy sal met haar kamerpersoneel ook vas. Haar antwoord sluit af met die berugte of bekende ‘as ek omkom, dan kom ek om’. ‘n Fatalistiese uitspraak wat eerder by die Moslems tuishoort. Tog leef daar in haar agterkop nog die band met die Kerkvolk wat ‘n verootmoedigingsdiens moet hou met die vastyd van drie dae en nagte – drie dae wat ‘n mens onwillekeurig laat dink aan drie dae in die graf en dan die opstanding.

Ester as middelares ondanks al haar sonde en gebreke en dwaling. ‘n Onvolkome middelares wat fatalisties praat en geen belydenis gee van bou op die verbondsbeloftes van die troue Verbondsgod nie. Hoe onpeilbaar groot is die genade van die HERE Here wat sorg dat die bewende Ester se ‘waagstuk’ slaag.

Na die vasdae het Ester haar koninklik aangetrek. Seker netsoos sy die allereerste keer op advies van Hegai so aangetrek was dat dit in die smaak van die koning geval het, nou seker dieselfde resep. Die heilige skrywer wys nadruklik op die plek waar die troon gestaan het naamlik reg teenoor die ingang. Moontlik sodat die koning alles kon raaksien wat voor die ingang gebeur het want in hierdie onrustige spanningsvolle dae moes hy versigtig wees en ‘n ogie oor alles hou. Die Here het die hart van die koning beroer sodat hy sy goue septer na haar uitgesteek het. Ester het in die troonsaal ingegaan en die septer se punt aangeraak as teken dat sy die guns van die koning dankbaar aanvaar.

Sy kom nie onmiddellik met die hele mandjie patats nie. Sonder haas nooi sy eers die koning saam met Haman na ‘n ete wat sy voorberei het. Sy majesteit aanvaar dit graag en het seker uitgesien na ‘n verandering in die

roetiene. ‘n Lid van die paleis personeel word gestuur om Haman te roep. Mens kan jou indink dat Haman omtrent gebars het van belangrikheid dat nou juis hy deur die koningin genooi is om saam met die koning te eet. Hy het dit self trouens laat blyk toe hy na die ete tuisgekom het en teenoor sy vrou en vriende gespog het oor sy rykdom en sy baie seuns en sy hoogste posisie aan die hof. Wat ‘n leë grootprater wat dink dat geld en mag belangriker is as innerlike beskawing wat nie gekoop kan word nie – soos ons rondom ons duidelik genoeg gedurig beleef.

Tog was die koningin nog nie reg om tydens die ete met haar pleitrede en smeking by die koning te kom nie. Met haar vroulike intuïsie het sy geweet dat dit nie ‘n goeie strategie sou gewees het om sommer met die intrapslag in die troonsaal met haar versoek te kom nie. Haman was ook nie daar nie en sou moontlik nog ‘n teëset kon probeer het en die koning sou moontlik baie ongemaklik gevoel het en bang wees om sy gesig te verloor voor al die paleisbeamptes. Daarom dat Ester dit tydens die ete wou sê. Maar ook hierdie keer kom sy nie verder as ‘my wens en my versoek is soos volg...’ En nou vra sy dat sy majesteit en Haman die volgende dag weer by haar kom eet. Die eerste uitnodiging was na ‘n ete wat sy klaar voorberei het, hierdie tweede keer sê sy dat sy die ete sal gaan voorberei – moontlik dus dat sy na die eerste ete nie die moed gehad het om met die versoek deur te druk nie.

Haar versoek was ‘n groot waagstuk. Om ‘n wispelturige oosterse despoot so aan ‘n lyntjie te hou en sy nuuskierigheid so aan te wakker was baie gevaarlik maar uiteraard is ook die grootste wêreldheerser se hart soos klei in die hand van die HERE. Die koning stem toe en getuig daarmee oor die sukses van die ete. Die hoogedele Haman is ook baie beïndruk en bly en opgeruimd stap hy huistoe maar hierdie keer loop hy nie neus in die lug nie maar val sy oog op die hardekwas Mordegai wat jou waarlikwaar weer nie opstaan of kruiperig bang vir hom is nie. Alle blydschap en opgeruimdheid

verdwyn soos mis voor die son terwyl die woede in hom opstoot. Tog slaag hy daarin om sy humeur te beteuel maar ook maar net.

Terwyl hy sy vrou en vriende laat kom het om te kan spog oor sy groot belangrikheid moes hy erken dat daar ‘n groot vlieg in die kostelike salf is – die vervlakste Jood Mordegai wat die pret so grondig bederf, dag na dag. Gelukkig het Haman die vermoë besit om mense om hom te skaar wat vir hom kan dink. So is dit dan nou sy vrou en al sy vriende wat met ‘n baie praktiese oplossing kom. Bou ‘n galg en vra die koning môre dat Mordegai daaraan opgehang moet word – eintlik ‘gespiets’ moet word want dit was die gebruik om die paal se punt vlymskerp te maak en die veroordeelde daarop te plaas sodat sy eie gewig hom in die paal in afdruk – ‘n afgryslieke stadige dood. Soos so dikwels gesien word by mense wat innerlik leeg is en hulle verbeel dat hulle ‘iets’ is, is net die grootste oortreffende trap goed genoeg – die paal moet drie en twintig meter hoog wees – Haman sal ‘n verkyker nodig hê om hom te verlustig in die lyding van sy gehate vyand!

DIE ‘BAAS’ WORD ‘KLAAS’ - HAMAN MOET MORDEGAI VEREER OP BEVEL VAN DIE KONING. Hoofstuk 6

Die nag na die ete by koningin Ester kan die koning nie aan die slaap raak nie en dit was bepaald nie weens sooi-brand of ongeduldige nuuskierigheid nie. Dit was die soveelste wonder wat God deur Sy Heilige Gees in hierdie geskiedenis laat plaas vind het.

Sy majesteit het die annale, die geskiedenisboeke oor die geskiedenis van die laaste jare laat bring en daaruit laat voorlees. Die Here het dit so bestier dat juis gelees is oor Mordegai se ontmaskering van ‘n beplande sluipmoordpoging teen die lewe van die koning. Onmiddellik wil Ahasveros weet met watter grootdoenige geskenk die redder beloon is. Dit blyk egter dat daar geen sprake van ‘n beloning of eerbewys en erkenning was nie. Dit

was die koning se eer te na. Hy wil dit onmiddellik regstel. Dit was blykbaar al oggend want die koning vra wie in die paleis se voorhof is. Niemand anders as Haman nie, hy het seker ook nie ‘n te goeie rustige en lank nag gehad nie want die dag kon nie gou genoeg aanbreek sodat met Mordegai afgereken kon word nie. Ongeduldig het Haman al in die voorhof gestaan om die koning se toestemming te kry dat Mordegai gespiets kon word. Gelukkig was ‘lot’ hom gunstig want hy is sommer gou-gou na die koning ontbied. Voordat hy met sy versoek by die koning kon kom moes hy eers die koning adviseer oor hoe iemand ‘aan wie die koning graag eer wil bewys’ behandel moet word. Dit lyk vir Haman asof dit vandag werklik bewys gaan word dat die oggendstond goud in die mond het, hy sien die goue glimlag van die geluksgodin op hom gefokus! Hoe stommonnosel hy ook al in sy selfliefde mag wees, hy kan darem twee by twee tel en dan is die resultaat dat daardie man wat so ge-eer moet word niemand anders as hyself kan wees nie.

Opvallend dat die man wat dit ‘n gewoonte gemaak het dat ander mense vir hom moet dink nou dit homself blykbaar betref onmiddellik met ‘n goeddeurdagte plan vorendag kom. Die eerbewys moet iets unieks wees, iets wat nog nooit gebeur het nie. Die koning se gunsteling moet ‘n kleed omgehang word wat deur die koningself gedra was en dan op ‘n perd van die koning met die koninklike embleem op sy kop klim en deur die hoogste amptenare op die stadsplein rondgelei word. Die hoë amptenaar wat die perd lei moet dan kliphard uitroep : ‘ so word gemaak met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys’.

Die voorstel val onmiddellik in die koning se smaak en hy beveel Haman om alles presies so teenoor ‘die Jood Mordegai’ te doen. Opvallend dat sy majesteit Mordegai spesifiek as die ‘Jood’ beskryf – ironies want hy het dan so kort gelede nog die bevel uitgevaardig vir die totale uitwissing van al wat Jood is in sy hele ryk. Sou in politiek die woord ‘konsekwentheid’

ooit bestaan het? Tandeknersend moes Haman die koning se bevel gehoorsaam en moes hy sy grootste aartsvyand openlik amper koninklike eer bewys. Daarna het Morgdegai maar weer sy plekkie in die poort ingeneem maar Haman kon dit in die paleis nie meer uithou nie. As daar een plek op aarde is waar agterbaks geskinder en gekonkel is dan was dit die oosterse paleise en hulle harems – soos die wind het die nuus van die ydeltuit Haman se vernedering deur die paleis weergalm en so het Haman die aftog geblaas.

Tuis was daar egter geen lekkerruik salf vir sy gekwete gemoed nie. Sy vrou en al sy vriende het vol verwagting sit en wag dat hy moes terugkom met Mordegai wat dan op die paal gespiets sou word. ‘n Heerlike bloederige skouspel waarin hulle hulle met die grootste leedvermaak kon verlekker. Maar watter ontnugtering. Geen Mordegai nie net ‘n Haman wat hulle vandag nie vergas op sy spoggerige stories en strome van die beste wyn nie. Hy was eerder in rou gedompel met sy bedekte hoof. Hoe anders as gister is die nuus wat hy bring. Nou ‘n emosionele verslag oor hoe sleg dit vandag gegaan het. Met horte en stote kom die vernedering uit die verf uit. Vrou en raadgewers en vriende hoor alles in verslaentheid want as dit met Haman nie goed gaan nie dan tref dit hulle ook. Nou die geluksgodin haar rug op hom gedraai het laat dit die bygelowige elite voel dat die ‘noodlot’ seker haar plek ingeneem het en omdat Mordegai ‘n Jood is sal Haman die onderspit delf.

Ondertussen kom die paleisbeamptes om Haman na die ete van die koningin te bring. ‘n Baie welkome afwisseling en tog nog ‘n gelukkie wat vir hom in die paleis wag. Eet, drink en raak maar weer vrolik want môre, oormôre sterf al die vervloekte Jode met Mordegai as nommer 1. Opvallend dat spesifiek geskryf word dat die beamptes hom ‘vinnig’, ‘gou’ na die ete gebring het.

ESTER SE BEROEP OP DIE KONING TERWILLE VAN HAAR VOLK
EN DIE ONDERGANG VAN HAMAN Hfst 7 – 8 : 3

Koning Ahasveros en Haman het vir die tweede keer by koningin Ester geëet en terwyl hulle volgens Persiese gewoonte ná die ete wyn gedrink het, vra die koning weer wat Ester nou eintlik wil vra. Hierdie keer los Ester die gewone Oosterse omslagtigheid en kom onmiddellik by die punt. As die koning dit goedvind ‘laat my lewe my geskenk word op my bede en my volk op my versoek. Ek vra dit want ons is verkoop, ek en my volk om verdelg, gedood en uitgeroei te word. Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop dan sou ek stilgebly het, want dan sou die ramp nie so onnoemlik baie skade aan die koning se belange veroorsaak het nie’. (Opvallend is die woordgebruik van Ester ‘laat my lewe my geskenk word op my bede en my volk op my versoek’ – in Hebreeus is dit ‘n harmonieuse en indringende opeenvolging van a- en i-klanke.)

As iemand nog kon getwyfel het aan die intelligensie wat agter die mooi gesiggie en verloklike lyf weggesteek was, dan was al daardie twyfel nou definitief weg. Met slim takt noem sy allereers dat haar lewe in gevaar is. Sy het ‘genade’ in die oë van die koning gevind wat bewys is deur dat hy haar nie dood laat maak het nie en nou al vir die tweede keer by haar kom eet het, sy het sy guns ontvang en kon hom met haar liggaamlike verskyning blykbaar ook om haar pinkie draai. Maar sy en haar volk is verkoop – dit wys op die reusagtige bedrag wat Haman vir die koning sou betaal. Die skandelige en verre gaande van die hele besigheidstransaksie beklemtoon sy nog met drie beskrywings dat sy en haar volk ‘verdelg, gedood en uitgeroei’ sal word – dit is asof sy met daardie letterlike aanhaling uit die bevelskrif drie uitklophoue plant. Ester se takt of uitgeslapenheid is ook duidelik in die slot wanneer sy stel dat hierdie ramp nie net ‘n ramp vir die Jode is nie maar inderdaad ook vir die inkomste van

die koning. Na die rampsalige veldtog teen die Grieke is die skatkis dolleeg en as die beste handelaars en geldskieters in die wêreld ekonomie doodgemaak word dan ly die koning self onberekenbaar baie skade. Die woordgebruik wys ook weer op die geweldige risiko wat Ester geneem het deur met haar versoek na die koning te gaan. As sy en haar volk se lewens gespaar sou word en hulle net as slawe verkoop sou word dan sou sy die koning nie lastig geval het met haar versoek nie want daardie nood sou nie groot genoeg gewees het nie. Die koning se vrolike lewensgenieter lewensstyl kon nie vertroebel word deur slegte nuus of probleme nie. Slegs in die ergste krisis en nood kon die rus van die koning versteur word, die nood moes opgeweeg word teenoor die las wat dit op die koning plaas. Geen wonder dat die heersers deur die eeue probleme daarmee gehad het om te weet wat in hulle lande aangaan – berugte voorbeelde is die houding van die Tsaar en van Koning Louis XV se vrou – in beide gevalle het die rewolusie hulle dood gebring.

Die koning is stomverbaasd. Dit is wel tekenend van die houding van diktators wat vir ‘n hele volk minder voel as vir ‘n leërskaar miere wat as lastige goed met ‘n drukkie op ‘n gifspuitkannetje verdelg word. Die arme koning het beter dinge om hom mee besig te hou – soos om die ekonomie van die wynboere elke dag ‘n hupstoot te gee – as om hom te steur aan die bestaan van ‘n lastige kernpot-volk. Daarom die verbasing en die onkunde. Onkunde, ja, want soos ons so dikwels in die geskiedenis van veraf en so naby rondom ons sien is die kinders van groot geeste en leiers op enige gebied dikwels nie eers naby dieselfde statuur as hulle ouer nie. As alleen al gekyk word na die beheer, eintlik gebrek aan beheer, oor die skatte wat rykes nalaat. Mag en geld maak korrup en dan veral die erfgename van die magtiges en rykes. Gewoonlik is die geestelike en innerlike en beskawingsarmoede verstommend. By sy majesteit Ahasveros sien ons ook dat hy in min of geen opsig naby die vermoëns van sy pa gekom het nie. Hy was ‘n

dom plesiersoeker, ‘n leë kop lewensgenieter wat geen eie mening besit het nie behalwe die droom om te wys dat hy beter as sy pa was deur wel die Grieke op ‘n massiewe wyse te verslaan maar die droom het in ‘n nagmerrie van ‘n bloedtsunami verander. Die koning het nie eers geweet dat sy eie vrou ‘n lid was van daardie ryk bankier- en besigheidsvolk wat hulleself Jode noem en oor die hele ryk verstrooid gewoon en so hard gewerk het nie.

Die koning roep vol verontwaardigde woede uit: ‘wie is dit wat so iets beplan en waar is hy??’ Wie durf dit waag om hierdie mooi en heerlik slim vrou tjie van hom te wil ‘verdelg, doodmaak en uitroei?’ Bewend van woede word die wynbeker op die tafel gesmyt. Die woede steek koningin Ester ook weer aan en vol heilige verontwaardiging wys sy na die stomgeslane Haman: ‘die teëstander en vyand is hierdie slegte, lae vent Haman!!’ Meesterlik word die hele gebeure geskets. Die ontsteltenis van die koning vloei oor in sy liggaamshouding, hy kom uit die gerieflike lê-sit houding in die rusbank op en loop heen en weer in die eetsaal om maar buitekant te gaan en in die pragtige tuin heen en weer te loop. Watter beproewing om te moet probeer dink in hierdie emosioneel gelaaide atmosfeer want hy hoef nie juis veel aan sy verbeelding oor te laat om te weet hoe die vyand haar wat hy so liefhet sal misbruik en martel en verdelg nie! Watter mislukking van sy geheime polisie en die hele inligtings- en binnelandse veiligheidsapparaat dat hulle nie eers geweet het dat sy liewe en slim vrou tjie ‘n Jodin was nie! Watter agterbaksheid van sy grootste vertroueling Haman wat met sy slinksheid ‘n gruwelike dood vir sy ou duifie voorberei het en om dan te dink dat hy en Haman nogal daarop gedrink het!

Ondertussen is Haman besig om te herstel van die nuus wat hom soos ‘n weerligstraal getref het. Die koningin ‘n Jodin? Die vervlakste glibberige Mordegai wat dit nooit openlik laat merk het deur dit te gebruik as ‘kontak’

in die paleis nie. Wie sou ooit kon dink dat hy wat ‘n Jood is daardie wonderlike kontak nie gebruik nie – hoe on-Joods van hom! Haman het lankal van sy rusbank opgevlieg en staan voor die koningin. Hy het aan die vuurrooi-woedende gesig van die koning klaar gesien dat wat die koning betref sy doppie klaar geklink is, sy ondergang was klaar besluit. Hulp van die roerloze paleiswagte wat teen die mure gestaan het kon hy nie verwag nie, hulle sou in elk geval eerder moet veg om hulle gesigte in die plooi te hou by die ongeluk wat hom tref en wat hulle geniet. Sy enigste redding is om die mooi koppie van die koninginetjie om te laat draai en hom genade te betoon. Wat is ‘n vrou per slot van rekening? Hulle is bruikbaar en met vleiwoordjies wonderlik plooibaar. Maar hy het hom deeglik misreken. Ester is deur Mordegai opgevoed en steur haar nie aan die kruiper. Sy hoogheid Haman het al van sy troontjie afgetuimel en nou gaan hy nog verder, soos ‘n tjankende hond gaan val hy vooroor op die rusbank maar die tydsberekening was nou nie bepaald goed nie. Juis op daardie oomblik kom die woedende koning terug in die eetsaal en die tafereel wat hy sien laat hom onmiddellik tot ‘n besluit kom – mens wonder of hy al voor die tyd ‘n besluit kon maak. Nou egter sien hy in dat Haman werklik ‘n kruiper is en kom hy tot die onredelike gevolgtrekking dat sy vertroueling nou sy vrou ook nog wil verkrag. Voordat sy woorde koud geword het, het die paleisbeamptes hom gegryp en waar hy vroeër die oggend sy kop bedek het oor die vernedering toe hy Mordegai koninklike eer moes bewys, doen die paleisbeamptes ‘n beter werk deur sy gesig te bedek, hom te blinddoek wat daarop gewys het dat hy ter dood veroordeel is. Interessant genoeg dat daar Bybelverklaarders is wat die houding van Ester streng veroordeel toe sy die koning nie reggehelp het dat Haman maar net haar voete wou soen as ‘n bekende smeekgebaar. ‘Ook teenoor ‘n doodsvyand behoort reg en waarheid in ag geneem te word’ stel Aalders maar Baas wys tereg daarop dat die hoofsaak is dat Ester ‘n instrument in God se hand is om God se

oordeel oor Sy haters te voltrek. Ons sing daaroor nog in die sogenaamde wraak- en oordeelspsalms. Soos in Psalm 149 waar ons in die beryming, na die loflied, oor die gelowiges sing :

‘Gods lofverheffing in hul stem,
 Die slagswaard in die hand geklem,
 Wat tot die straf ontwaak het!
 Selfs konings moet in kettings gaan,
 En edeles in die boei geslaan,
 Is magteloos krygsgevangene.
 Die eeue-oue oordeel word voltrek;
 Die Heer het Sy volk met roem oordek.

Loof Hom, my jubelsange!

Ondertussen weet die paleisbeamptes goed genoeg dat die koning nou nie juis iemand is wat werklik op die hoogte is oor wat in die stad aangaan nie en ook dat hy nie maklik sonder hulp en advies van ander tot ‘n besluit kan kom nie. Garbona help sy koning dus gou deur te vertel dat Haman reeds ‘n galg van 23 meter hoog by sy huis opgerig het. Die beampte voeg nog daarby dat die galg bedoel is vir Mordegai ‘wat destyds in belang van die koning gepraat het’- hierdie sappige brokkie nuus word nogal spesifiek daarby genoem, asof die koning nou al vergeet het wat hy oor die sluipmoordplan daardie nag gehoor het en die einste Mordegai dan netnou-netnou nog laat vereer het. Soos altyd die geval sal wees skep ambisieuse kruipers soos Haman in hofkringe en eintlik orals jaloerse vyande. Soos blykbaar sy gewoonte (vgl vs 5 en 6:5) mors die koning geen onnodige woorde nie maar gee hy kort en kragtig bevel dat Haman op sy eie paal gespiets moet word. Dit het die woede van die koning laat bedaar.

Al die baie aansienlike besittings van Haman gee die koning vir Ester en sy stel Mordegai aan as toesighouer daaroor. Ondertussen kry die koning op daardie dag vol verrassings nog een want Ester vertel nou dat sy familie van

Mordegai is. Koning Ahasveros wil onmiddellik vir Mordegai ontmoet en laat hom opkommandeer na die paleis. Die impulsiewe koning gee toe sommerso die seëling wat hy van Haman teruggeneem het, vir Mordegai.

DIE JODE MAG HULLESELF VERDEDIG 8 : 3 – 1

Al gaan dit met Ester en Mordegai nou voor die wind, die dodelike storm van doodsdreiging oor hulle hele volk het nog glad nie padgegee nie. Gevolglik neem Ester weereens die risiko om ongenooid na die koning te gaan. Sy val voor die koning op haar knieë neer terwyl sy huilend om genade smeek. Nadat die koning haar die teken van begenadiging gee (soos in die Vulgaatvertaling korrek verduidelik is) staan sy op en herhaal haar versoek uitvoerig. Met haar, nou al bekende, takt vertel sy die koning van die bevelskrifte wat Haman deur die hele land uitgestuur het om die Jode uit te moor – sy noem net Haman as skrywer en rep geen woord oor die toestemmingsrol van sy majesteit nie. Omdat sy weet hoe die koning oor haar voel beklemtoon sy dat dit haar intens raak en dat sy nie net kan toesien dat haar volk en familie uitgeroei word nie.

Dit is nou egter ‘n tameletjie vir die magtige koning. Hy kan met ‘n woord ‘n hele volk laat uitroei en sy eerste minister as strooipop laat ophang maar hy kan niks doen om dit wat op dooie perkament geskryf is te herroep sodra dit ‘n wet van Meders en Perse genoem word nie. Mordegai is egter totaal anders as Haman. Hy is ‘n slim verstandige man wat die wêreld lankal ken en presies weet hoe om sy koning te hanteer. Slim mense is dikwels so onnosel om hulle slimheid ten toon te stel. Mordegai laat ander nie agterkom dat hy verstandig is nie maar lei die koning eerder só dat sy majesteit dink dat hyself in sy koninklike wysheid op ‘n bepaalde idee gekom het. Dit is in elk geval ook vir die behoud van jou eie kop beter om in beskeidenheid en ongemerk die toutjies agter die troon te trek.

Die gevolg is dat die koning nou vir Ester en Mordegai sê dat hy vir hulle nou al gedoen het wat hy kan en dat selfs hy nie die mag het om ‘n wet van die Meders en die Perse te herroep nie maar sy geliefde vrou en haar oompie is tog seker slim genoeg om ‘n uitweg uit te dink. Inderdaad was sy majesteit reg, hy was blykbaar tog nie so dom soos wat hy met sy rooi wynneus gelyk het nie. Opvallend dat Ester nou spesifiek met ‘koningin’ aangedui word en Mordegai as ‘die Jood’. Die koning was wel in ‘n ongemaklike posisie wat hy probeer oordonder met die meeste woorde wat hy in hierdie Bybelboek nog gebruik het en wat as ‘antwoord’ maar bra floutjies is en absoluut ontoereikend en nie ter sake is nie. Gelukkig vir hom het hy in Mordegai ‘n wyse raadgewer wat beskeie op die agtergrond bly en ook nou weer vir hom die kastaiings uit die vuur kan haal. Die hele situasie laat die skynwêreld van die koninklike hof onbarmhartig duidelik word. Die magtigste mens op aarde is tog ‘n gevange slaaf van onbuigbaar ysterharde formalisme wat in wette vasgelê is. Hierdie hele houding was volgens ‘n verklaarder vir die Jode baie realistieser as vir ons Westerlinge van die 21ste eeu want hulle was baie wettisisties en fundamentalisties ingestel soos o.a. blyk uit 1 Makk 2:37 waar ‘n duisend Jode afgeslag is deur die koning se troepe terwyl hulle geen poging tot verdediging aangewend het want dit was Sabbat en hulle wou nie ‘op bevel van die koning die sabbat skend nie’ ... ‘hulle het die ingang na hulle skuilplek nie eers toegemaak nie. Ons wil almal met ‘n rein gewete die dood ingaan.. hemel en aarde is ons getuies dat julle ons wederregtelik doodmaak’ !!

Sy edele Mordegai laat geen gras onder sy voete groei nie maar belê onmiddellik ‘n vergadering van alle koninklike skrywers en dit moes baie wees want daar was nie minder nie as 127 provinsies en daarin verskillende volke en wie weet hoeveel tale. Die nuwe proklamasie moes na elke provinsie en elke volk gestuur en in elke taal geskryf word.

Mordegai het die bewoording van die proklamasie opgestel, dit laat skryf en elke afskrif met die koning se seëlring bekragtig. Hoe die situasie totaal verander het is duidelik te sien in die feit dat die jood Mordegai nou die tweede belangrikste amptenaar in die wêreldryk is en ook dat by die geadresseerdes as allereerste die Jode genoem word en ook nog spesiaal genoem word dat die brief ‘ook aan die Jode gestuur is in hulle eie skrif en taal’. Dit is presies 70 dae na die eerste proklamasie deur Haman opgestel en uitgestuur is.

Omdat die eerste proklamasie as ‘n wet van Meders en Perse onherroeplik was kon Mordegai slegs probeer om dit te neutraliseer. Dit het hy gedoen deur te beveel dat die Jode dwarsdeur die hele ryk hulle kon verdedig teenoor enige aanvallers. Nou nie juis net verdedig nie maar hulle kon bymekaarkom en so as georganiseerde groep elke gewapende groep deur wie hulle bedreig gevoel het ‘verdelg, doodmaak en uitroei met hulle kinders en vrouens’ en hulle besittings kon hulle as buit plunder. Omdat die nuusdiens in die ryk netso goed soos sy posdiens was het almal geweet dat die koningin en die eerste minister Mordegai altwee Jode was en dat dit dus logies was dat die koning en dus die hele staatsdiens en die leër die Jode gunstig gesind was. Die posisie van die Jode was dus veilig en met die vooruitsig van buit eintlik beter as voor Haman se bevel boonop kon hulle hulle op hulle vyande wreek.

Die boodskappers het op die koninklike renperde oor die lengte en breedte van die ryk uitgeswerm om met die grootste dringendheid die proklamasie orals te bring. In elke provinsie moes dit nie by ‘n proklamasie bly nie maar moes dit as wet uitgevaardig word, dus weer ‘n onherroeplike wet. Die boodskappers het weggegaan maar Mordegai ook en wel in alle prag en praal. Die koninklike klere wat hy as eerbetoon moes dra toe Haman hom moes rondlei steek maar af by die koninklike klere en die goue kroon waarmee hy nou deur die stad skrei. Onmiddellik toe die wet in die stad

Susan afgekondig is het dit die Jode vol blydskap laat jubel en juig en is vreugdemaaltye gehou. Dieselfde het orals gebeur waar die proklamasie bekendgeword het.

Opvallend dat die hoofstuk afsluit met ‘ook het baie mense uit die ander volksgroepe Jode geword omdat hulle skrikbevange was vir die Jode’. Ons het hier waarskynlik wel iets soos tydens die Hervormingstyd veral in Duitsland. Wanneer die heerser van ‘n bepaalde gebied oorgegaan het na die Protestantisme of Rooms Katolisisme het die onderdane outomaties ook oorgegaan. Nou was die Jode blykbaar in ‘n groot mate in beheer (vgl 9:3) en was dit seker die moeite werd en heelwat beter om ‘n paar druppels bloed en ‘n stukkie vel tydens die besnydenis te verloor as jou kop... Van grootskaalse bekerings van hart en lewe moet ons maar geen illusies hê nie. Wanneer ‘n ‘tipies Persiese gewoonte gevolg word’ kan die vertaling selfs lui ‘ baie mense uit die ander volksgroepe het geveins/ gemaak asof hulle Jode geword het’ (o.a. C. Gordon en JoÛon by N. Poulssen) en ‘die skrywer streel eerder die eergevoel van sy volksgenote dan dat hy dink aan iets soos die waarheid van die geloof of die meerderwaardigheid van Jahwe’ (weer Poulssen). Aan die ander kant is die optrede van daardie mense nou ook nie juis onbekend in ons eie tyd nie. Hoe baie mense en dan veral die hooggeroemde ‘elite’ het hulle seile na die wind gespan en pens en pootjies by die ANC in die bed gekruip ondanks al die groot woorde van ‘beginsels’.... Natuurlik is hulle gespog oor hulle ‘christelike geloof’ in die lig van hulle aanvaarding van die absoluut onchristelike leer van die ANC soos o.a.uitgedruk in die ‘Vryheidsmanifes’ ook maar praatjies vir die vaak en is hulle kerklik tugwaardig. Interessant dat ons altyd gedink het dat in die ‘goeie oue tyd’ die verkiesings vry en die uitslae eerlik en betroubaar was maar daar moes ‘n duiwelse bedrogspul gewees het want mense wat vandag sê dat hulle vir die NP gestem het sou saam nie eers een setel in die parlement kan wen nie....

TRIOMF VAN DIE JODE EN DIE INSTELLING VAN DIE
PURIMFEES Hfst 9

Eindelik breek die dag aan wat deur die spiritis, die toekomsvoorspeller vir Haman uitgekies is. Maar hy het so'n bietjie deurmekaar geraak toe hy die ingewande van die oopgesnyde voël 'bestudeer' het en nie die bloed gesien wat juis uit Haman en sy geesgenote gevloei het nie. As u vandag in enige nie-christelike boekwinkel ingaan dan sal u verstom-verbaas staan oor al die boeke wat raadgee oor die toekoms met sterrekykery en teeblaarstudie en handlesery en 'esotoriese' handleidings. Hoe gek kan die na-christelike mens tog raak – wetenskap word sy god en bygeloof sy leidster. Heil en voorspoed en rykdom word gesoek by waarsegsters wat in ou afgeleefde vuil karavane woon en berge van goud en oorvloedige geluk voorspel maar self duidelik geen voorspoed beleef en in wie se dowwe oë geen blydskap leef nie.

Inderdaad vloei die bloed op die bestemde dag, 13 Adar. Die oorsprong van die bloed was net ietwat anders as wat oorspronklik beplan was. Hoe blind van haat was en is en bly die anti-Semitisme tog. Die vyande van die Jode weet dat die Jode hulleself mag verdedig en dat die hele magtige staatsmasjienerie agter hulle staan want al die 'leiers in die provinsie, die verteenwoordigers van die koning, die goewerneurs ens. was bang vir Mordegai want hy het 'n hoë posisie aan die hof bekleed. Dit het deur al die provinsies bekend geword dat Mordegai al hoe meer mag gekry het.' vs 3 Tog gryp die vyande van die Jode in blinde haat en belus op buit van die ryk handelaar-Jode na die wapens om deur die Jode self die doderyk ingehelp te word. Ook Haman se tien seuns het die swaard geproe. Snaaks die verblinding. Hierdie mans het tog presies geweet wat in die politiek aangaan en kon op hulle vingers uitreken dat hulle geen kans gestaan het in

die vestingstad Susan nie maar tog vlug hulle nie – verblinding deur die Gees van God.

Ook hierdie klein Bybelboekie staan propvol wonders wat die HERE laat gebeur, wonders vir mense wat bepaald nie gehoorsame gelowiges was nie. Hulle het in die algemeen God lankal vergeet maar God vergeet hulle nie want Hy is op pad na Betlehem en Golgota. Wonders – ons weet dat Jode baie kwaliteite het veral op die gebied van die ekonomie en gesondheid en allerlei wetenskappe en kuns ensovoorts maar bepaald nie juis op die gebied van dapperheid en stryd lustigheid nie. Hitler en Stalin het daardie swak plek in hulle karakter uitgebuit deur miljoene Jode soos troppe slagvee saam te bondel en af te maai – Warskou was die enigste groot uitsondering (Die oorlog in Gasa is in volle swang wanneer ek dit skryf hoor ek dat Israel se tenks Gasa in ‘n ysterring omknel – hoe laat dit my gedagtes teruggaan na die afgryslieke omsingeling van die Joodse ghetto in Warskou wat deur die Nazi’s uitgebrand en uitgemoor is... .. Tot in die tunnels wat die stad se riole gevorm het is mense ongenadig uitgemoor -- nou probeer die Jode die honderde tunnels van Egipte na Gasa met bomme te vernietig...) Maar nou lees ons keer op keer dat al die volke skrikbevange was vir die Jode en dat die man Mordegai al hoe magtiger geword het.

Hoe is dit moontlik? Heel eenvoudig: die HERE voer die stryd ! In Ou en Nuwe Testament en in ons tyd geld altyd dat die poorte van die hel die Kerk van Christus nie sal oorweldig nie. ‘n Geweldig bloedige besigheid dwarsdeur die hele wêreldryk? Inderdaad maar die Heilige Skrif leer ons geen ‘liewe Jesus met amper vroulike oë en hande en ‘n salige dromerige glimlag’ nie. God is ‘n regverdige en absoluut heilige Regter en op Sy tyd sal al Sy en my vyande ‘die verskriklike wraak sien wat God sal oefen teen die goddeloses wat die gelowiges getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld’ Ned. Geloofsbelydenis art 37.

Alleen omdat Jesus Christus getrou gebly het aan die verbond, volkome betaal het vir al ons sondes, is God ons genadig. In die antieke Persië het die Jode die oordeel van God oor Sy haters voltrek. Terwyl ek dit skryf is die oorlog in Gasa reeds in sy sestiende dag – bloed word vergiet van mans en vrouens en kinders. Baie gaan tekere oor die feit dat daar ook vrouens is wat sterf. Dit is tog wel snaaks in ‘n wêreld waarin feminisme so aangeprys word – gelykheid is wat die moderne klok slaan. In selfmoordaanvalle staan die gesluisde vrouens ook niks terug nie en as terroriste staan hulle hulle ‘man’. Natuurlik is dit verskriklik dat ‘onskuldiges’ sterf maar hoeveel van hulle het Hamas se kant gekies of daarvoor gestem? Tot hoe ver kan iemand gaan om ‘onskuldig’ te wees? In elk geval is die aansprake van die Jode nie iets waarmee die christen hom kan vereenselwig nie. Ons moet ophou om Israel en die Jode daar te romantiseer. Israel is vandag presies netso ‘n gewone volk as ons volk/e. Israel het sy uitverkore posisie in die heilsgeskiedenis vervul met die geboorte, lewenslange lyde en sterwe van ons Here Jesus Christus. Na die stigting van die staat Israel is daardie land se inwoners vir die merendeel nie eers gelowige ortodokse Jode nie maar kommunisties-sosialistiese materialiste wat met real-politik die Palestyne gruwelik verdruk en besteel het met ‘n oneerlike beroep op voorvaderlike grondregte. Laat ons tog maar gelowig-nugter deur die bril van die Bybel na die geskiedenis van land en volke in Israel-Palestina kyk en vir wysheid bid in ons houding daarteenoor. Die haat tussen Jood en Arabier kom al uit die tent van vader Jakob en kan nie nou met besluite van die VVO eensklaps opgelos word nie.

Wanneer die Jode egter ‘n man vol wysheid ontvang dan wreek hulle hulle bloedig op hulle vyande maar hou hulle gewete skoon. Dit is wat Mordegai laat doen. Die Jode het koninklike volmag om die vrouens en kinders die dood in te jaag maar doen dit blykbaar nie, ons lees net oor die mans wat sterf. En dan sorg Mordegai om iets te doen wat vir ons tog so on-Joods

klink ‘na die buit het hulle hulle hand nie uitgesteek nie’... hulle het geen rede gegee om gehaat te word nie.

Die boek Ester bly tog ‘n eienaardige Bybelboek. Ons vind nie juis enige diepte nie, dit klink glad nie na ‘n Bybelboek want oor God of Sy diens lees ons geen woord nie. Dieselfde val op wanneer ons lees oor die blydschap van die Jode dwarsdeur die ryk. Dit is so’n oppervlakkige blydschap na die vernietiging van die geweldige getal van 75 000 mans wat hulle geswore vyande was. Ons lees geen woord oor dank en lof aan God nie. Daar word feesgevier en dit word later selfs verleng na twee dae toe. Oosterlinge weet van feesvier! Dit is eet-en drinkdae en geskenke word vir mekaar gestuur. In later tyd is volgens die Talmoed selfs die aanwysing gegee dat die feesgenote so woes kon feesvier dat hulle teen die einde van die ete nie meer die verskil geweet het tussen ‘vervloek is Haman’ en ‘Geseënd is Mordegai’ nie (Talm. Bab. Megilla 7,2 by Poulssen en Baas)

Mordegai stuur weer’n brief uit en nou aan al die Jode in die hele ryk waarin hy opdrag gee dat hulle vir altyd vrolik fees moet vier op 14 en 15 Adar en hy noem die fees die Purimfees wat heenwys na die Pur= die lot wat die spiritis gewerp het om die datum van die bloedbad te bepaal. Tot vandag toe word die fees gevier. Op 14 Adar word na die sinagoge gegaan waar die boek Ester twee keer geles word en party dele daaruit word hardop deur die Jode herhaal. Dit was nooit ‘n *tempelfees* nie maar ‘n sinagoge fees en daarna ‘n familiefees. Dit was ook altyd ‘n baie luiddrugtige fees soos (uiteraard?) by Oosterlinge pas. In ‘n boek oor die ‘Skool van die Jode’ wat in 1702 in Leiden verskyn het lees ons op bl.431 dat elke keer wanneer die naam van Haman genoem is by die lees van die Esterrol, kinders en vrouens en selfs bejaarde Jode, met hout hamertjies en klippe daverend op die banke geslaan het. Hulle het twee klippe gebring, op die een het Haman se naam gestaan en die twee klippe is teen mekaar geslaan totdat geen spoor van Haman se naam meer te sien was nie(v.d.

Waal). Dan word 'n gawe in die offerkis gegooi vir die arm Jode in Israel. Na die sinagogediens gaan die Jode huistoe en die mans stuur vir minstens twee arm mans geskenke en die vrouens doen dieselfde vir vrouens. Die gesinslede gee mekaar ook onderling geskenke. Op 15 Adar begin die feestelike ete van die middag tot soms ver na middernag terwyl dit ook dikwels 'n karnaval is met die dra van maskers.

Tog lyk dit asof Ester beseft het dat daar geen diepte is in die uitbundige feesvierings nie. Opvallend is dat sy nou in 9:29 spesifiek 'koningin Ester, die dogter van Abigail' genoem word. Sy is selfstandig en haar familielyn, die verbondslyn word genoem. Sy laat Mordegai 'n tweede brief oor die Purimfees skryf waarin sy as eerste deel van die Purimfeestelikhede op 13 Adar 'n dag van verootmoediging, van weeklag en vas voorskryf. Hierdie 13 Adar word dan ook deur die Jode die 'vas van Ester' genoem. Maar soos met ons eie christelike feesdae meesal die geval is het die feesdae verander in familiefeesdae en eetdae. Purim laat, behalwe 'n werklike belofte, nogal aan Geloftedag dink en selfs wat die viering daarvan betref...

Dit sou so anders kan word, nou die politieke vertekening van Geloftedag verlede tyd geword het, as die kerke in ons land van Geloftedag 'n 'Dag van verootmoediging en gebed vir die nood van die christenheid' sou maak. Watter krag sou daarvan uitgaan – krag deur die Gees gegee soos in 2 Kronieke 20 so wonderlik uitgebeeld.

Die boek Ester sluit af met die hoë pos wat Mordegai beklee het en hoe goed hy sy werk gedoen het en dat hy die band met sy volk, die Verbondsvolk, vasgehou het.

Wat is nou die betekenis van hierdie Bybelboekie?

Beslis nie om 'n religieus-nasionalistiese geurtjie aan 'n uitspattige karnavalsfees te gee nie. Netsomin as wat ons in die verlede gedoen het en wat vandag nog deur vérregse Afrikanergroepe gedoen word deur

Geloftedag te ontheilig deur dit ‘n politieke dag te maak en dit met valse kettery godsdienstig te kaap. Positief wys dit ons op God se regering in Ester se tyd oor die bestaan van die oorblyfsel van die Godsvolk en in ons tyd oor die bestaan van die volk waarin die Here ons geplaas het en oor die bestaan van die gelowiges in al die volke van die aarde wat as Kerk van Christus vandag se Godsvolk is. Die Godsvolk in die tyd van Ester en so omtrent in die tyd van Esra en Nehemia. Maar watter verskil in die gehoorsaamheid aan God se geopenbaarde wil en die diens aan Hom tussen Ester en haar oompie en die absoluut onbaaatsugtige Esra en Nehemia !!

Die HERE Here laat ons deur die Heilige Gees in die boek Ester sien watter rykdom dit is om lid van die volk van God te wees. Hoe geseënd is ons terwyl ons verdruk en selfs vervolgd word deur Haman’s wat deur die eeue altyd sal opstaan maar hulle is op glibberige paaie soos Psalm 73 ons leer en hulle val sal groot wees.

Die Purimfees was nooit ‘n tempelfees en dus ‘n werklik godsdienstige fees nie en het later vir die Jode behalwe ‘n karnavalssotheidsfees ook ‘n Joodse bloed verheerlikende fees geword, of noem dit dan maar ‘n nasionalistiese fees – dit klink seker beter polities-korrek... Maar die HERE Here het daardie geskiedenis nie daarvoor laat gebeur nie. Alles het gebeur sodat die pad vir die koms van ons grootste Verlosser uit die verdrukkende mag van die sonde, die mag van Satan, oopgebreek kon word. Die Heilige Gees het, soms teen wil en dank, Ester en Mordegai ondanks hulle sondes ingespan om as Sy instrumente die pad na Betlehem oop te hou. Hulle is ingespan om die volk waaruit Jesus die Christus gebore moes word te verlos uit die brullende bek van die Dier. Maar om nou soos verskillende verklaarders Mordegai as ‘n voorloper van die Verlosser Christus te sien gaan onverantwoordelik te ver. Die Bybel gee ons geen woord oor sy geloof nie. Ook hier pas dit ons om weer die grootste beskeidenheid te betrag en geen woord oor sy geloof of gebrek daaraan te sê nie – al wat ons kan sê is dat

hy –en Ester- geen blyk van gehoorsaamheid aan die wette oor die heiligheidsdiens teenoor God gegee het nie. Verder moet ons die saak aan God oorlaat. Dieselfde geld vir ons houding teenoor mense in ons tyd, ons nabye of vêrweg naaste. Ons kan konstateer dat mense wat ons ken deur kontak of deur hulle geskrifte of openbare uitsprake in stryd is met die Heilige Skrif en dus ketter. Dit gee ons egter nie die reg om in verregaande heiligskennis so te sê in God se troon te gaan sit en ‘n oordeel oor hulle geloof uit te spreek nie – selfs die ‘grootste’ gelowige is in sonde ontvang en gebore en uit hom/haarself ‘n kind van die toorn van God. Dit wil so dikwels voorkom dat mense wat hulleself as ‘gelowiges’ beskou (dikwels in teenstelling met ander selfs ‘super’- gelowiges) dink dat hulle op grond daarvan bokant die heel-gewone reëls van ordentlikheid en beskaafdheid en beskeidenheid verhewe is, snaaks dat hulle juis nie die ‘vrugte’ van die Gees van Gal 5:22 dra nie....

Ons kan vir God nooit genoeg ‘n offergawe van dankbaarheid wees vir die onverdiende voorreg dat ons die brandmerk van Sy kudde ontvang het by die doopvont nie. Hy het vir ons daar,voor Sy gemeente as getuies, verklaar dat Hy ‘n ewige genadeverbond met ons opgerig het. Maar dit gee ons uiteraard ook ‘n groot verantwoordelikheid.

Ester en Mordegai het hulle verantwoordelikheid erken teenoor die volk waarin die HERE hulle geplaas het en wat die Verbondsvolk was. Veral Ester het die Purimfees diepte probeer gee deur daar ‘n dag van vas en smeking by te voeg. Soos Ester en haar lyfbediendes ná Haman se vernietigingsbevel drie dae en nagte God vir redding gesmeek het, hulle voor God verootmoedig het met vas en skuldbelydenis, so moet die Jode elke jaar voor God met gebed en skuldbelydenis hulle verootmoedig deur te sê :’ o, God ek laat die wêreld los!’.

Daardie skuldbelydenis en die diepte wat Ester probeer gee het, word vandag van ons gevra.

Mordegai en Ester kon slegs 'n gedeeltelike verlossing bewerk en Esra en Nehemia daarna kon die kerkvolk ook nie heeltemal verlos uit die sleurgodsdiens en ondankbaarheid nie. Mordegai het die tweede hoogste posisie in die ryk bekleed maar kon of wou ook maar nie die tempel herbou nie. Dit het nie verder gekom as gedeeltelike verlossing nie.

Die absoluut volkome verlossing word gegee deur Hom Wie se pad deur Ester en Mordegai oopgehou moes word. Jesus Christus red nie alleen van wrede vyande nie maar ook van die mensemoordenaar van die begin af. Hy gee Sy volk 'n nuwe hart en vrede tussen God die Vader en Sy kinders. Mordegai kon maar net 'woorde van vrede en trou' 9:30 in sy brief aan die Jode stuur, ons volkome Verlosser word genoem 'Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid ...' Jes 9 Hy het Sy gemeente gebou as 'n lewende tempel en sal die 144000 saambring ondanks en dwarsdeur die gespook van Haman se opvolgers.

'n PROESEL TJIE VAN DIE APOKRIEWE ESTER.

In die belydenisgeskrif die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die apokriewe 'Byvoegsel by die geskiedenis van Ester' wel gelees kan word en die Kerk 'kan daar ook onderrig aan ontleen vir sover dit ooreenkom met die kanonieke boeke..'. Om u 'n idee te gee van die ooglopende verskil tussen die kanonieke boek Ester en die apokriewe byvoegsel gee ons slegs 'n paar verse uit die droom van Mordegai : 1 : 1d e.v.

' Dit was sy droom : Geskree en geraas, donderslae en aardbewing, die wêreld in beroering. (1e) Twee groot drake het tevoorskyn gekom, altwee reg om te veg. Hulle het hard gebrul. (1f) In reaksie op hulle gebrul het alle

volke hulle reggemaak vir die stryd, om te veg teen 'n volk van regverdiges. (1g) En toe 'n dag van donkerte en duisternis. Nood en benoudheid, rampe en die wêreld in groot beroering. (1h) Die hele regverdige volk was platgeslaan weens die verskriklike gebeurtenisse, doodsbenoud vir die rampe wat hulle bedreig het. Hulle het hulle voorberei op hulle ondergang en tot God geroep. (1i) Uit hulle geroep het, soos uit 'n klein bron, 'n groot rivier voortgekom, 'n watervloed. (1k) Dit het lig geword, die son het opgekom, en hulle wat verneder was is opgehef en hulle het die vooraanstaandes verslind. (1l) Nadat hy wakker geword het kon Mordegai hierdie droom, waarin hy gesien het wat God besluit het om te doen, nie vergeet nie. Hy het tot selfs in die nag met alle middels probeer om die betekenis daarvan te verstaan.' Nou ja, ons is al die eeue nog niks verder nie maar verstaan wel hoekom hierdie 'byvoegsels' nie deur ons as kanoniek beskou word en dus nie in die Bybel opgeneem is nie.

Enkele van die geraadpleegde werke :

Die Bybel met verklarende aantekeninge (1958) * H.H.Grosheide – Ezra – Nehemia in die reeks Commentaar op het Oude Testament (1963) * In die reeks Korte Verklaring der Heilige Schrift : G. Ch. Aalders – Het boek Esther (1966); A. Noordzy – Ezra- Nehemia (1939) ; W. H. Gispen - Exodus * A . van Selms – Ezra en Nehemia (1935) * S.G. de Graaf -Verbondsgeschiedenis I (1952) * N. Baas - Esther ...vandaag (1957) *C. van der Waal - Sola Scriptura (1969) * H.G. Abma – Het boek Esther (1965)* H. Rossier – Bouwen en Bewaren (Ezra, Nehemia, Esther) * A. Roorda – Het boek Esther (1912) * N. Poulssen s.j. – Esther (1971) * J.T Nelis s.s.s -I en II Makkabeeën (1972) * C.M Luteyn- Ezra, Nehemia, Esther, Job – in die reeks De Bybel en zyn Boodschap (1965) * J.H. Kroeze – Handboek Bybelse geskiedenis – Die Ou Testament (1965) * C. Vonk – De Voorzeide Leer (1960+) * I. de Wolff – Gesch. der Godsopenbaring